NOTULE VAN DIE TWAALFDE GEWONE VERGADERING VAN DIE NED GEREF KERK IN NOORD-KAAPLAND IN SITTING TE KIMBERLEY OP 13 OKTOBER 2003 evd

EERSTE SITTINGSDAG 13 OKTOBER 2003

Die dagopening word waargeneem deur ds JJ Vogel. Skriflesing vind plaas uit Mat 5:3-10. As gebed word gebruik Psalm 8 deur Lina Spies. Die koor van die Hoër Tegniese Skool Kimberley tree op.

Ds Vogel lees Openbaring 1:12-20 en sewe kerse word aangesteek deur: 'n Bejaarde, Yonder- inwoner, kind, vrou, tiener, lid van die Sinodale personeel en 'n lidmaat van Homevale (Harmonie-gemeente).

Die Geloofsbelydenis van Nicéa word saam hardop gedoen en `n lied word gesing.

Drie Gemeentes word geleentheid gegee om `n paar geskiedkundige gebeurtenisse van die gemeentes met die Sinode te deel, nl: Hopetown (150 jr), Prieska (125 jr) en Postmasburg(75 jr).

Ds Mostert dra die gemeentes op aan die Here deur gebed en die Sinode sing `n lied.

Ds Vogel sluit af met gebed.

Ds JJ Vogel, die oudste leraar met die langste jare diens neem die voorsitterstoel in en tree as voorsitter op totdat 'n moderator verkies is. (Bep. 1.1 Reglement van Orde).

SKA

Die voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir Administrasie.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. REËLINGS VIR DIE TWAALFDE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED GEREF KERK IN NOORD-KAAPLAND
KENNIS GENEEM

2.1. Aanmelding van afgevaardigdes
KENNIS GENEEM

2.2 Opening
Ds JJ Vogel van Tadcaster neem as oudste leraar met die langste jare diens, die opening met skriflesing en gebed waar, en tree as voorsitter op totdat 'n moderator verkies is (Bep. 1.1 van Reglement van Orde).
KENNIS GENEEM

1.3 Notulering
KENNIS GENEEM

1.4 Konstituering

1.4.1 Kennisgewing
KENNIS GENEEM

2.1.1. Geloofsbriewe (*BYLAE 1)*
Die geloofsbriewe word ter tafel gelê, tesame met die wysiginge wat ontvang is tot voor die konstituering.
(Bepalings 1.2 en 1.3 van die Reglement van Orde).
KENNIS GENEEM

2.1.2. Konstituering
Die volgende verskonings is aangeteken:
- Ds Groenewald sal eers by die middagsessie kan aansluit.
- Ds LM Coreejes medies deur dr afgeboek: rug beseer
- Ds J Venter (oudl Vryburg-Oos) skielik operasie ondergaan; kan Dinsdag aansluit indien die dokter toestemming gee
- Ouderling van Carnarvon, me Bernard moes op 'n laat stadium verskoning maak.
- Deben se kerkraadslede maak verskoning.
- Ds. Holloway van Du Toitspan maak verskoning vir 15:00 - 16:00
- Ds FAJ van Heerden – Jan Kempdorp vanweë begrafnis.
- Kuruman – Die Oog verskyn Maandag tot Dinsdag: Me ED Kleyn en Woensdag tot Donderdag: JW van der Berg
- Kathu – Oudl HJ Swanepoel ernstige siekte op laat stadium.

Die volgende afgevaardigdes verskyn ter vergadering:

ANGOLANA
(Geen afgevaardigde nie)

ASKHAM-NOENIEPUT
H Carstens *(Leraar)*
JM Stadler *(Prim)*
AUGRABIES
CF van Schalkwyk *(Leraar)*
JP de Wet *(Prim)*
FA Fouché *(Leraar)*
P van Wyk *(Prim)*

BARKLY-WES
PA Versluis *(Prim))*
Me V Nel *(Sek)*

BRANDVLEI
HW de Jager *(Leraar)*
WP Burger *(Prim)*

BRITSTOWN
N Kriek *(Waarnemer)*
CC Snyman *(Prim)*

CARNARVON
L Keller *(Leraar)*

DANIËLSKUIL
JJ Knoetze *(Leraar)*
EL Daffue *(Prim)*

DE AAR
WF Jordaan *(Leraar)*
DF Barnard *(Prim)*

DE AAR-NOORD
CS du Plessis *(Leraar)*
WJ du Plessis *(Prim)*

DE AAR-SUID
PJ Conradie *(Leraar)*
SJ Lombaard (Sek)

DEBEN
JW Myburgh *(Leraar)*

DELPORTSHOOP
FP Avenant *(Leraar)*
CH van Wyk *(Prim)*

DIAMANTVELD
PR du Toit *(Leraar)*
JPW Crafford *(Prim)*
JGF Roelofse *(Leraar)*
JM van Zyl (me)*(Prim)*

DOUGLAS
JJ Lamprecht *(Leraar)*
PJF Maree *(Prim)*
JH Venter *(Leraar)*
AY van den Berg(me) *(Prim)*

DUTOITSPAN
RJ Holloway *(Leraar)*
R Slabbert *(Prim)*

K O=Callaghan *(Leraar)*
NGD Van Lingen *(Sek)*
GOEDVERTROU
AJ Beyers *(Leraar)*
WJ Becker (Prim)

GRIEKWASTAD
JIF de Villiers *(Leraar)*
WJ van der Merwe *(Prim)*

GROBLERSHOOP
(Afgevaardigdes sluit later aan)

GROOTDRINK
JAC Burger *(Prim)*

GROOTRIVIER
PJJ Goussard *(Prim)*

HANOVER
JJ Louw *(Leraar)*
JC Brown *(Prim)*

HARTSKROON
C Jonck *(Leraar)*
JA van der Linde *(Prim)*

HARTSVALLEI
PE De Jager (Prim)

HARTSWATER
WPL Preller *(Leraar)*
ZJ Koekemoer *(Prim)*
T C du Toit *(Leraar)*
PD Botes *(Prim)*

HOPETOWN
JS Henning *(Leraar)*
HJ Rossouw *(Prim)*

JAN KEMPDORP
NP van Wyk *(Prim)*

KAKAMAS
PJL Blaauw *(Leraar)*
HA v7an Niekerk *(Prim)*
JJ Loubser *(Leraar)*
AH Burger *(Prim)*

KALAHARI
EZ Anthonissen *(Leraar)*
JH de Klerk *(Prim)*

KAMEELBOOM
JH deB Barnard *(Prim)*
JL Uys *(Prim*)

KANONEILAND
JP Maree *(Leraar)*

KATHU
CH Jacobs *(Leraar)*

J Smit *(Prim)*
FJ Marais *(Leraar)*
BF Burger *(Prim)*
JH Bronkhorst *(Leraar)*

KEIMOES
AW Smit *(Leraar)*
F Visser *(Prim)*

KENHARDT
AJ Potgieter *(Leraar)*
JH de Beer(me) *(Prim)*

KIMBERLEY
LM Basson *(Leraar)*
J Odendaal *(Prim)*

KIMBERLEY-BAKENSKOP
C Steenkamp *(Leraar)*
CJ Lourens *(Prim)*
EJM Bergh *(Leraar)*
WHC Steenkamp *(Prim)*
DJ Kritzinger *(Leraar)*
D Vorster(me) *(Prim)*

KIMBERLEY-HARMONIE
AC Swanepoel *(Leraar)*
CJH Harmse *(Prim)*
DJ Scheepers *(Leraar)*
DH Groenewald *(Prim)*
A Clark *(Leraar)*
FE Brown (me) *(Prim)*

KIMBERLEY-VOORUITSIG
FD Hugo *(Leraar)*
WH van Aswegen *(Prim)*
W Roets *(Leraar)*
CJ Smit *(Prim)*
J Conradie *(Leraar)*
WJ Fourie *(Prim)*

KIMBERLEY-WES
WJ Olivier *(Prim)*

KURUMAN
GA van der Merwe *(Leraar)*
GA van der Westhuizen (Sek)
P van Zyl *(Leraar)*
AL Esterhuyse *(Prim)*

KURUMAN-DIE OOG
G Kumm *(Leraar)*
Me ED Kleyn *(Prim)*

LIME ACRES
JG van Tonder *(Leraar)*
G Liebenberg *(Sek)*

LOUISVALE
DG Smit *(Leraar)*
JJZ Gerber *(Prim)*

LOUWNA
WP Vermaak *(Leraar)*
MN Steyn *(Prim)*

LOXTON
PD Olivier *(Leraar)*

MAFIKENG
L Forsman *(Leraar)*
AJM Terblanche *(Prim)*
GJ Walkers *(Leraar)*
S du Toit *(Prim)*

MARCHAND
JG Pansegrouw *(Leraar)*
JHJ van Niekerk *(Prim)*

MAREETSANE
JS de Villiers *(Leraar)*
PNJ van Vuuren *(Prim)*

MODDERRIVIER-RITCHIE
JCK du Plooy *(Leraar)*
C Allers *(Prim)*

NEILERSDRIF
JL van der Merwe *(Leraar)*
NJ Visser *(Prim)*

NOORDERHARTS
CJG Wolhuter *(Prim)*

OLIFANTSHOEK
JT Jackson *(Leraar)*
EW Schreuder (me) *(Sek)*

ONDER-MOLOPO
TG Mahne *(Leraar)*
PL Bruwer *(Sek)*

ORANIA
AP Du Plessis (Prim)

ORANJEVALLEI
GP Barnard *(Leraar)*
IJ Burger *(Sek)*

PETRUSVILLE-VAN DER KLOOF
HH Williams *(Leraar)*
G Moolman (me) *(Prim)*

PHILIPSTOWN
UP Malherbe *(Leraar*
CJ Visser *(Prim)*

PIET PLESSIS
SE van Wyk *(Leraar)*
WJ Bester *(Prim)*

PLOOYSBURG
MMD Britz *(Leraar)*
PH Coetzee *(Sek)*
POSTMASBURG

CJ Conradie *(Leraar)*
JGP Peens *(Prim)*
CJ van Rensburg *(Leraar)*
JH Jacobs *(Prim)*

PRIESKA
CM Rautenbach *(Leraar)*
AA Visser *(Prim)*

JPL Mostert *(Leraar)*
SB Myburgh *(Prim)*

REIVILO
PG Smit *(Leraar)*
FJ Van Heerden *(Prim)*

STELLA
L de Kock (*Leraar)*
JT van Rensburg *(Prim)*

STRYDENBURG
PCPA Odendaal *(Leraar)*
JL van der Walt *(Prim)*

TADCASTER
JJ Vogel *(Leraar)*
JP Burger *(Prim)*

UPINGTON
PL Louw *(Leraar)*
EJ Rautenbach (prop) *(Prim)*

UPINGTON-BLYDEVILLE
NJ Bonthuys *(Leraar)*
JA Nel *(Sek)*

UPINGTON-NOORD
BPJ Booysen *(Leraar)*
JA Vollgraaff *(Prim)*

UPINGTON-OOS
EP Vivier *(Leraar)*
JD Bekker *(Prim)*
DL van Niekerk *(Leraar)*
C van Staden(me) *(Prim)*
HJ Strydom *(Leraar)*
TA Lubbe *(Prim)*

UPINGTON-WES
TE Smit *(Leraar)*
LFJ Brand *(Prim)*
JJC Breedt *(Sek)*

VANWYKSVLEI
IA Brink *(Leraar)*
FJ Augustyn *(Prim)*

VANZYLSRUS
JPJ van Tonder *(Leraar)*
WJJ Roux *(Prim)*
VERGELEGEN
F van Zyl Engelbrecht *(Prim)*

VOSBURG
J Oosthuizen *(Leraar)*
JA Potgieter *(Sek)*

VRYBURG
JDK Haasbroek *(Prim)*

VRYBURG-NOORD
AC van Wyk *(Leraar)*
MC Cronje *(Prim)*

VRYBURG-OOS
(Geen afgevaardigde nie)

VRYBURG-WES
PF Coetzee *(Leraar)*
HL Jacobs *(Sek)*

WARRENTON
JB Vos *(Leraar)*
GC Wehmeyer *(Prim)*

WILLISTON
JP Jooste *(Leraar))*
DS Albertyn *(Prim)*

Die konstituering vind plaas in ooreenstemming met Kerkorde Artikel 33 en Bepaling 1.3 van die Reglement van Orde.

Die voorsitter vra die toestemming van die vergadering om wel te konstitueer met die sekundi vir Leraars waar van toepassing. Die vergadering besluit om vir die sitting dit so goed te keur.

1.1 Verkiesing van Moderatuur

Die verkiesing sal volgens Bepaling 1.4 en 2 van die Reglement van Orde voortgaan totdat dit afgehandel is. Nuwe lede sal telkens na hulle verkiesing op die verhoog hul plekke in die moderatuur inneem.

KENNIS GENEEM

VERKIESING VAN MODERATUUR

Die voorsitter versoek nominasies vir moderator.

Die voorsitter gee geleentheid vir die afkondigings.

Vergadering verdaag vir middagete.

EERSTE SITTINGSDAG
(Na middagete)

Die volgende afgevaardigdes van Groblershoop verskyn ter vergadering: Ds AS Van Zyl (Leraar) en AJJJ Van Zyl (Prim); asook ds MSvB Groenewald.

Verwelkoming van afgevaardigdes wat die eerste keer ter vergadering verskyn.

2.6 Voortgang van die vergadering
AANBEVELING
Die Sinode besluit om voort te gaan met die behandeling van die verslag van die Sinodale Kommissie vir Administrasie, terwyl die verkiesing van die moderatuur aan die gang is.
GOEDGEKEUR

2.7 Nagmaal
KENNIS GENEEM

2.8 Sittingsure
AANBEVELING
Die Sinode besluit om sy sittingsure as volg vas te stel:

MAANDAG 13 OKTOBER 2003
11:00 - 12:30 Konstituering en sitting
12:30 - 14:00 Middagete
14:00 - 16:00 Sitting
16:00 - 16:30 Tee
16:30 - 18:00 Sitting
18:00 - 19:00 Aandete
19:30 Nagmaal

DINSDAG 14 OKTOBER 2003
08:30 - 09:30 Toewyding en Skrifstudie
09:30 - 10:30 Sitting
10:30 - 11:00 Tee
11:00 - 12:30 Sitting
12:30 - 14:00 Middagete
14:00 - 16:00 Sitting
16:00 - 16:30 Tee
16:30 - 18:00 Sitting
18:00 - 18:15 Dagsluiting
18:15 - 19:00 Aandete
19:00 - 22:00 Tydelike Kommissies en Ringe vergader

WOENSDAG 15 OKTOBER 2001
08:30 - 09:30 Toewyding en Skrifstudie
09:30 - 10:30 Sitting
10:30 - 11:00 Tee
11:00 - 12:30 Sitting
12:30 - 14:00 Middagete
14:00 - 16:00 Sitting
16:00 - 16:30 Tee
16:30 - 18:00 Sitting
18:00 - 19:00 Aandete
19:00 - 21:00 Sitting
21:00 - 21:15 Dagsluiting
21:15 Sinodale Kommissies konstitueer

DONDERDAG 16 OKTOBER 2003
8:30 - 09:30 Toewyding en Skrifstudie
09:30 - 10:30 Beplanning
10:30 - 11:00 Tee
11:00 - 12:30 Beplanning
12:30 - 14:00 Middagete
14:00 - 16:00 Toekoms en funksionering van Ringe
16:00 Wegsending
GOEDGEKEUR

2.9 Afsluiting van vergadering
Die Sinode sal nie later as 16:00 Donderdag 16 Oktober verdaag nie. Die verrigtinge word afgesluit met Skriflesing en gebed deur die moderator of iemand deur hom daartoe versoek. (Bep. 9 van die Reglement van Orde).
KENNIS GENEEM

2.10 Konferensie
KENNIS GENEEM

2.11 Tydsindeling
AANBEVELING
Die Sinode keur die gewysigde tydsindeling goed. Indien ‘n verslag nie afgehandel is by die verstryking van die toegestane tyd nie, besluit die vergadering of dit meteens afgehandel word of oorstaan tot ‘n later geleentheid.
GOEDGEKEUR

2.12 Standaardisering van verslae
KENNIS GENEEM

2.13 Ander reëlings
KENNIS GENEEM

2.14 Verteenwoordigers van Teologiese Fakulteite
KENNIS GENEEM

2.15 Groeteboodskappe
Gereformeerde Kerk
VGK Phororo
KENNIS GENEEM

2.16 Tydelike kommissies (Bep. 35.6.1)

2.1.1. Kommissie vir Aankondigings en Korrespondensie
Personeel
Dr JB Vos (s)
Ds J Conradie
Sekundus: Ds PL Louw
GOEDGEKEUR

1.1.1 Kommissie vir die Besluiteregister
Personeel
Ds MMD Britz (s)
Ds JH Bronkhorst
Sekundus: Ds PF Coetzee
GOEDGEKEUR

2.16.3 Mediakommissie
Personeel
Ds UP Malherbe (s)
Dr GA van der Merwe
Sekundus: Ds. GP Barnard
GOEDGEKEUR

2.16.4 Kommissie vir Administrasie
Personeel
Ds JJ Vogel (s)
Ds EZ Anthonissen
Ds J Oosthuizen
Ds PG Smit
Ds JIF de Villiers
Saakgelastigde
Oudl ZJ Koekemoer
Oudl GA Van der Westhuizen
Sekundus: Ds JP Maree
GOEDGEKEUR

2.16.5 Kommissie vir Algemene Sake
Personeel
Ds FP Avenant (s)
Ds BJP Booysen
Ds W Roets
Ds FJ Marais
Dr DL van Niekerk
Ds CH Jacobs
Dr JJ Knoetze
Oudl(ds) WH Van Aswegen
Oudl MC Cronje
Sekundus: Ds AS van Zyl
GOEDGEKEUR

2.16.6 Kerkordekommissie
Personeel
Dr WPL Preller (s)
Ds. WF Jordaan
Ds FD Hugo
Ds HW de Jager
Ds HH Williams
Ds JCK du Plooy
Oudl PH Coetzee
Sekundus: Dr AC Swanepoel
GOEDGEKEUR

2.16.7 Kommissie vir Reiskoste
Personeel
Ds NJ Bonthuys
Me E Badenhorst
GOEDGEKEUR

2.16.8 Kommissie vir Kommissies
Personeel
Dr JJ Lamprecht (s)
Skribas van alle ringe
Voorsitter (indien hy nie kan nie, die skriba) van alle permanente kommissies.
GOEDGEKEUR

2.16.9 Stemtellers
Die volgende persone is aangewys:
Tafels 1-4 Ds JW Myburgh
5-8 Ds JH Venter
9-12 Ds FAJ van Heerden
13-16 Ds DG Smit
17-20 Ds DJ Scheepers
21-24 Ds JL van der Merwe
25-28 Ds PCPA Odendaal
29-33 Ds IA Brink
Sameroeper: Ds TE Smit
GOEDGEKEUR

2.16.10 Notulekommissie
Personeel
Ds L de Kock (s)
Ds HJ Strydom
Ds JPL Mostert
Ds K O=Callaghan
Sekundus:
GOEDGEKEUR

2.16.11 Herderlike brief
Ds PL Louw
GOEDGEKEUR

2.17 Notule
AANBEVELING
Die Sinode besluit dat die dag se notule die volgende dag voor die aandsitting behandel en vir goedkeuring voorgelê word. Moontlike foute word na regstelling opgeneem in die volgende dag se notule. Die finale notule word dan so spoedig moontlik na die sinodesitting beskikbaar gestel.
GOEDGEKEUR

2.18 Bind van enkele stelle van Agenda en Notule
AANBEVELING
Die Sinode magtig die Sinodale Kantoor om enkele stelle te laat inbind (agenda, notule, tydelike kommissieverslae, laat stukke en ‘n indeks) vir beskikbaarstelling aan alle permanente kommissies asook aan kerkargiewe, teologiese fakulteite en ander sinodale kantore wat dit versoek.
GOEDGEKEUR

2.19 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir 2003-Sinode
AANBEVELINGS
Die Sinode besluit:

2.19.1 Alle afgevaardigdes van buite Kimberley, wat nie in die sentrum tuisgaan nie, ontvang daggeld gelykstaande aan die koste van die sentrumverblyf.
GOEDGEKEUR

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die volgende persone is genomineer vir moderator:

FP Avenant, GP Barnard, oudl(ds)JH de B Barnard PJL Blaauw, J Conradie, L Forsman, FD Hugo, C Janse van Rensburg, PL Louw, FJ Marais, JGF Roelofse, AC Swanepoel, GA van der Merwe, DL van Niekerk, JB Vos.

Die voorsitter vra die vergadering om te stem.

2.19.2 Afgevaardigdes van Kimberley ontvang geen daggeld.
GOEDGEKEUR

2.19.3 Alle verversings verskaf word uit die sinodale begroting gedra.
GOEDGEKEUR

2.19.4 Reiskoste word soos volg betaal: Die koste vir een voertuig per gemeente en twee vir ‘n gemeente met meer as twee leraars word direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal, wat dit self onderling verdeel. Daar word ooreengekom in die vergadering dat alle afgevaardigdes R1-35 per kilometer sal ontvang.
GOEDGEKEUR

2.20 Verteenwoordigers op die Algemene Sinodale Kommissie en afgevaardigdes na die Algemene Sinode van 2004 en die trustees van die Predikante Pensioenfonds.
AANBEVELING
Die Sinode besluit dat die moderator die benoemings op ‘n geskikte tyd reël.
GOEDGEKEUR

2.21 Beskrywingspunte
Slegs een beskrywingspunt is ontvang *(BYLAE 3)*. Om daaraan reg te laat geskied, beveel die kommissie die volgende werkwyse aan:

2.21.1 Beskrywingspunt 1: ‘n Versoekskrif is van ‘n lidmaat van Plooysburg, dr. PH Coetzee, ontvang.
AANBEVELING
Verwys na tydelike Kommissie vir Algemene Sake.
GOEDGEKEUR

Die volgende laat beskrywingspunte is ontvang:

2.21.2 Beskrywingspunt 2: Beskrywingspunt van die ringe van Kimberley en Dutoitspan oor eenwording.
AANBEVELING
Verwys na die Tydelike Kerkordekommissie.
GOEDGEKEUR

2.21.3 Beskrwingspunt 3: Versoekskrif van lidmaat oor seksadvertensies.
AANBEVELING
Verwys na die Tydelike Komissie vir Algemene Sake.
GOEDGEKEUR

2.21.4 Beskrywingspunt 4: Ring van Kimberley oor gemeentegrense.
AANBEVELING
Verwys na Tydelike Kerkordekommissie.
GOEDGEKEUR

2.21.5 Beskrywingspunt 5: Aansoek en herstel van ampsbevoegdheid.
AANBEVELING
Verwys na Tydelike Kerkordekommissie.
GOEDGEKEUR

2.21.6 Beskrywingspunt 6: Beskrywingspunt van die Ring van Mafikeng oor dobbelary.
AANBEVELING
Verwys na die Tydelike kommissie vir Algemene Sake.
GOEDGEKEUR

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die voorsitter versoek die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir moderator

FD Hugo, PL Louw, JGF Roelofse, C Janse Van Rensburg, JB Vos.

SBK

Die Voorsitter stel aan die orde. Die verslag van die Sinodale Beplanningskommissie.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 2001

2.1 Beskrywingspunt 2: Ondersoek na wyse van sinodale vergadering hou en kommissie-struktuur. (Agenda 2001 bls. 16 en Notule bls. 242 pt 1.1)
KENNIS GENEEM

2.2 Beskrywingspunt 8: Sittingsreg op Sinodale Kommissies. (Agenda bls. 21 en Notule bls. 243 pt. 1.4)
Die vergadering besluit om beskrywingspunt 8 te verwys na die Tydelike Kerkorde Kommissie.
KENNIS GENEEM

3. TEMAS VIR GEMEENTEBESOEK
KENNIS GENEEM

4. PREDIKANTEKURSUSSE
KENNIS GENEEM

5. PROSES
KENNIS GENEEM

6. BEPLANNING VIR VOLGENDE JAAR
KENNIS GENEEM

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die Voorsitter versoek die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir moderator:

JGF Roelofse, C Janse Van Rensburg

Die Voorsitter vra die vergadering om te stem. Daar moet weer gestem word aangesien nie een ‘n volstrekte meerderheid het nie. Na ‘n tweede stemming word ds JGF Roelofse verkies as moderator. Die Voorsitter vra nominasies vir assessor.

Afgevaardigdes word gevra om reiskoste en verblyfkoste vorms in te vul.

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die voorsitter versoek die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir assessor.
Oudl(ds) JH de B Barnard, LM Basson, J Conradie L Forsman, FD Hugo, C Janse van Rensburg, PL Louw, FJ Marais, WPL Preller, JJ Vogel, JB Vos.

HERSTRUKTURERING

Die voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Ad hoc-kommissie vir Herstrukturering.

1. OPDRAG
KENNIS GENEEM

2. UITVOERING
KENNIS GENEEM

3. AANLOOP
KENNIS GENEEM

4. TEOLOGIESE BESINNING
KENNIS GENEEM

5. ANDER SINODES
KENNIS GENEEM

6. NOORD-KAAPLAND SE EIE STORIE
KENNIS GENEEM

7. FASILITERING
KENNIS GENEEM

8. KRAGVELDONTLEDING
KENNIS GENEEM

9. DIE SINODE IN SITTING
KENNIS GENEEM

10. TUSSEN SINODE VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

11. BEMAGTIGING EN VERSORGING
KENNIS GENEEM

12. RINGE
KENNIS GENEEM

Die vergadering verdaag vir tee.

EERSTE SITTINGSDAG
(Na teepouse)

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die Voorsitter maak bekend dat ds C Janse van Rensburg as assessor verkies is.

Die Voorsitter versoek nominasies vir skriba.

Die tafelbesprekings oor die nuwe struktuur van die Sinode neem in aanvang.

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die volgende is genomineer as skriba.
LM Basson, EJM Bergh, MMD Britz, JH Bronkhorst, L de Kock, CS du Plessis, L Forsman, MSvB Groenewald, FD Hugo, JJ Knoetze, PL Louw, J Odendaal, K O'Callaghan
W Roets, TE Smit, C Steenkamp, HJ Strydom, JJ Vogel en JB Vos.

Die Voorsitter vra die vergadering om te stem.

13. AANBEVELINGS
‘n Sinode is gemeentes wat saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.

ORDE MOSIE

Dat punt 13 verwys word na die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake.
STAAN OOR
Bespreking vervolg en die aanbeveling by punt 13 word GOEDGEKEUR

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die Voorsitter versoek die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir skriba:
LM Basson, L de Kock, FD Hugo en JB Vos.

13.1 Kernwaardes
Die Sinode besluit om die volgende kernwaardes te aanvaar:

13.1.1 Luister
- Die Sinode wil God deur Sy Woord en Gees ontmoet en na Hom luister.
- Die Sinode wil saam God se wil en roeping vir die Kerk ontdek.
- Die afgevaardigdes luister na mekaar sodat ons mekaar tot troos en hulp kan wees.

GOEDGEKEUR

13.1.2 Liturgiese grondhouding
In die Sinode se vergaderings kan die volgende liturgiese momente voorkom, nl Skrifstudie, gebed, viering, klag, aanbidding, belydenis, toewyding.
NIE GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode vergader met 'n liturgiese grondhouding.
Voorsteller: FD Hugo
Sekondant: WH van Aswegen
GOEDGEKEUR

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die Voorsitter versoek die vergadering om tussen die volgende persone te stem vir skriba:
LM Basson en L de Kock.

Bespreking vervolg.

VERKIESING VAN MODERATUUR
Die Voorsitter maak bekend dat dr LM Basson as skriba verkies is.

13.1.3 Deelname
Die afgevaardigdes *besin saam* in die lig van die Woord wat God se wil is. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafelgesprekke) en debat deur die volle vergadering.

AMENDEMENT
Die woorde " besin saam in die lig van die Woord wat God se wil is" word vervang met "die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en olv die Heilige Gees na God se wil."

Voorsteller: Dr DL van Niekerk
Sekondant: Ds FD Hugo
GOEDGEKEUR
Die AANBEVELING soos GEAMENDEER lui as volg:
Die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en olv die Heilige Gees na God se wil. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafel-gesprekke) en debat deur die volle vergadering.
GOEDGEKEUR

- Die Sinode poog om so ver as moontlik konsensus te bereik wanneer besluite geneem word.

GOEDGEKEUR

1.1.2 (Vervolg - laaste punt)
Tafelleiers (BYLAE 1) word goedgekeur met die volgende redaksionele wysigings.
- Tafel 6 AS van Zyl
- Tafel 7 RJ Holloway
- Tafel 33 NJ Bonthuys

Tafelleiers vir die 2003 Sinode word GOEDGEKEUR (Bylae 1 soos hierbo gewysig)

13.1.4 Beplanning
Die Sinode wil gemeentes en ringe ondersteun om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy kerk.
GOEDGEKEUR

13.1.5 Verbondenheid aan mekaar
Die gemeentes is aan mekaar verbind deur ons belydenis, roeping en ooreenkomste (Kerkorde).
NIE GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Gemeentes is met mekaar versoen deur Jesus Christus. Hierdie verbintenis word uitgedruk in ons belydenis, nl NGB, HK en DL. Ons deel ons roeping in die wêreld en het ooreengekom om ordelik op te tree soos in ons Kerkorde weergegee.
Voorsteller: J Conradie
Sekondant: WJ Fourie
GOEDGEKEUR

13.2 Permanente Kommissies
Die Sinode besluit om die volgende drie permanente kommissies te benoem:

13.2.1 Kommissie vir Hulpdienste (Ringsgewys saamgestel)
Verantwoordelik vir:
- Begroting en finansiële bestuur.
- Personeelbestuur.
- Kerklike media
- Administrasie.

- Praktiese reëlings: Sinode vergaderings. (Logistiek)
- Adviesdiens - Kerkorde

GOEDGEKEUR behalwe punt oor Adviesdiens - Kerkorde.

Adviesdiens - Kerkorde is verwys na die Tydelike Kerkordekommissie.

13.2.2 Kommissie vir Diensgetuienis (Ringsgewys saamgestel)
Verantwoordelik vir:

- NG Welsyn
- Familie van NG Kerke - skakeling
- Ekumene
- Missionêre diakonaat

STAAN OOR

VOORSTEL
Die Sinode besluit dat die lede van die vergadering punt 2.5 (bl. 155) van die verslag van die Kerkordekommissie voor Woensdagmiddag 12:30 deeglik sal bestudeer. Indien hulle enige bespreking wil voer of wysigings wil voorstel insake die voorgestelde herformulering van die bepalinge wat hier voorkom, moet hulle vroegtydig dit met die tydelike kerkordekommissie opneem.
Voorsteller: WPL Preller
Sekondant: ZJ Koekemoer
GOEDGEKEUR

Die vergadering bespreek punt 13.2.2 maar die Voorsitter reël dat die bespreking oorstaan vir die volgende sitting.

Reëlings word getref vir die erediens van die aand.

Daar word geleentheid gegee vir die afkondigings.

Die vergadering verdaag vir die eerste dag.

TWEEDE SITTINGSDAG 14 OKTOBER 2003

Ds JP Jooste van Williston neem die dagopening waar.

Sinodegangers kry geleentheid om in kleingroepe Bybelstudie te doen oor Matteus 5:3-10. Geleentheid vir gebed word in kleingroepe gegee. Die Sinode sing Lied 327.

Oudl JP Burger van Tadcaster se plaas het afgebrand en hy maak verskoning vir die sitting vanaf die tweede dag.

SJK

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Jeugkommissie.

Die Voorsitter verwelkom die volgende persone:

- Dr Louis Dressel van die AJK
- Dr Gustav Claasen van die AJK
- Jeug van Hoërskool Diamantveld
- Mnr Bester van Laerskool Staatspresident Swart

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 2001

2.1 Huidige stand van onderwys
KENNIS GENEEM
2.2 JOT
KENNIS GENEEM

2.3 Musiek
KENNIS GENEEM

2.4 Missionêre bediening
KENNIS GENEEM

Die voorsitter verwelkom mnr Daan du Toit, skoolhoof van Laerskool Eureka as besoeker.

3. FAMILIE FOKUS-PROJEK
AANBEVELING
Die Sinode moedig kerkrade aan om sover moontlik deel te neem aan die projek Familie Fokus van die AJK.
GOEDGEKEUR

Die Sinode vra die AJK om betyds volledige inligting aan gemeentes deur te gee.
GOEDGEKEUR

4. GESINSNAGMAAL EN BELYDENIS-AFLEGGING
STAAN OOR

5. OPVOEDING EN ONDERWYS
Die besprekingsvraag: AWatter verantwoordelikheid het ouers ten opsigte van

godsdiensonderrig in skole?" word aan die orde gestel.

Aankondigings:
Ds D Kritzinger van Kimberley-Bakenskop is uitgeroep na 'n krisisgeval.

Die vergadering verdaag vir tee.

Tweede Sittingsdag
(Na oggendtee)

Bespreking van die besprekingsvraag: AWatter verantwoordelikheid het ouers ten opsigte van Godsdiensonderrig in skole?" word vervolg.

AANBEVELINGS
5.2.1 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om waar moontlik by onderwysstrukture betrokke te raak deur beheerliggame en ander strukture soos byvoorbeeld op distriksvlak.
GOEDGEKEUR

5.2.2 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om waar moontlik die kurrikulumpakket waarby die kerk betrokke was te propageer.
GOEDGEKEUR
5.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om onderwys as 'n beroep te promoveer.
GOEDGEKEUR

5.2.4 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om op die hoogte te bly van verwikkelinge op die gebied van die onderwys.
GOEDGEKEUR

5.2.5 Die Sinode versoek kerkrade om hulle eredienste op Sondag 1 Februarie 2004 in te rig as 'n spesiale biddag vir onderwys en opleiding.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die sinode versoek kerkrade om moeite te doen om toe te sien dat skole waarin kinders in koshuise woon deur gemeentes ondersteun word ten einde toe te sien dat verbondsopvoeding wel in daardie skole en koshuise plaasvind. (Handelinge 1990: bl 605. 2.1.9.4)
Voorsteller: HH Williams
Sekondant: WJ Bester
GOEDGEKEUR

4. GESINSNAGMAAL EN BELYDENIS-AFLEGGING
Bylaag 1 word hanteer en die besprekingsvraag "Wat is die rol van belydenisaflegging in 'n verbondsgemeente?" word aan die orde gestel.

VOORSTEL
Die Sinode besluit om die verslag: "Belydenisaflegging na toelating tot die Nagmaal" deur te stuur aan AKLAS en AJK.
Voorsteller: DL van Niekerk
Sekondant: PL Louw
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode besluit dat die onderskeid tussen Dooplidmate en Belydende lidmate weggeneem moet word en vir die toekoms gepraat word van jeuglidmate en ouer lidmate (of alternatiewelik kinderlidmate en volwasse lidmate).
Voorsteller: NJ Bonthuys
Sekondant: JP Jooste

ORDEVOORSTEL
Dat die voorstel oor die onderskeid tussen Dooplidmate en Belydende lidmate verwys word na die Tydelike Kerkordekommissie.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode neem met dank kennis van die verslag en verwys die verslag terug na die Jeugkommissie om met praktiese voorstelle te kom vir die inkleding en konsekwensies van belydenis-aflegging.
Voorsteller: FJ Marais
Sekondant: JH Bronkhorst
GOEDGEKEUR

HERSTRUKTURERING

Die Voorsitter stel aan die orde: Die laaste deel van die verslag van die Ad hoc-kommissie vir Herstrukturering.

13.2.2 Kommissie vir Diensgetuienis
(Ringsgewys saamgestel)
Verantwoordelik vir:
- NG Welsyn
- Familie van NG Kerke - skakeling
- Ekumene
- Missionêre diakonaat

AMENDEMENT
Punt 13.2.2 Kommissie vir Diensgetuienis
(Ringsgewys saamgestel)
Voeg by *"Vrouediens*"
Voorsteller: JP Jooste
Sekondant: DS Albertyn
GOEDGEKEUR
Die AANBEVELING soos GEAMENDEER lui as volg:
Kommissie vir Diensgetuienis
(Ringsgewys saamgestel)
Verantwoordelik vir:
- NG Welsyn
- Familie van NG Kerke - skakeling

- Ekumene
- Missionêre diakonaat
- Vrouediens

GOEDGEKEUR

13.2.3 Kommissie vir Bedieningsondersteuning (Ringsgewys saamgestel)
Die verantwoordelikheid van hierdie kommissie is om teologies verantwoordelik en profetiese leiding te gee aan gemeentes en ringe om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy Kerk.

In die lig van bogenoemde is die kommissie verantwoordelik om:

- Voorbereidings te doen vir sinodale vergaderings (beplan agenda en temas in samewerking met die ander kommissies).
- Die geïdentifiseerde bedienings-areas te ondersoek met die oog op terugvoer aan die Gemeentes, Ringe en Sinode.
- Kontekstuele ontleding te doen ten opsigte van bedieningsareas soos geïdentifiseer deur die Sinode.
- Die koördinering van die werksaamhede van ad hoc-bedieningsgroepe.
- Die ondersteuning en versorging van leraars, kerkrade en lidmate, ingesluit vrouelidmate.
- Navorsing tov leerstellige sake.

AMENDEMENT
Die punt:
- Die koördinering van die werksaamhede van ad hoc-bedieningsgroepe.

Moet lui:
- Die werksaamhede van ad hoc-kommissies te koördineer.

Voorsteller: Oudl PL Bruwer
Sekondant: Oudl CJG Wolhuter
GOEDGEKEUR
AMENDEMENT
Die punt:
- Navorsing tov leerstellige sake.

Moet lui:
- Navorsing tov leerstellige sake te doen.

Voorsteller: Oudl PL Bruwer
Sekondant: Oudl CJG Wolhuter
GOEDGEKEUR

Die Voorsitter gee geleentheid vir die afkondigings.

Vergadering verdaag vir middagete.

TWEEDE SITTINGSDAG
(Na middagete)

Die Notule van die Eerste Sittingsdag word aan die vergadering voorgehou. Redaksionele wysigings word aangebring en die notule word goedgekeur.
Punt 13.2.3 van die verslag van Herstrukturering vervolg:

AANBEVELING 13.2.3 soos GEAMENDEER lui as volg:
Die verantwoordelikheid van hierdie kommissie is om teologies verantwoordelik en profetiese leiding te gee aan gemeentes en ringe om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy Kerk.

In die lig van bogenoemde is die kommissie verantwoordelik om:

- Voorbereidings te doen vir sinodale vergaderings (beplan agenda en temas in samewerking met die ander kommissies).
- Die geïdentifiseerde bedienings-areas te ondersoek met die oog op terugvoer aan die Gemeentes, Ringe en Sinode.
- Kontekstuele ontleding te doen ten opsigte van bedieningsareas soos geïdentifiseer deur die Sinode.
- Die werksaamhede van ad hoc-kommissies te koördineer.
- Die ondersteuning en versorging van leraars, kerkrade en lidmate, ingesluit vrouelidmate.
- Navorsing t.o.v. leerstellige sake te doen.

GOEDGEKEUR

13.3 Ad hoc-kommissies
13.3.1 Die Sinode besluit om waar nodig ad hoc-kommissies aan te wys vir die ondersoek van sake of die uitvoering van funksies.
GOEDGEKEUR

13.3.2 Die Sinode gee volmag aan die drie permanente kommissies om ad hoc-kommissies aan te wys vir die ondersoek van sake of die uitvoering van funksies op hulle diensterrein.
GOEDGEKEUR

13.4 Ringe
Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Bedieningsondersteuning en die Ringe moet voortgaan met die besinning oor die funksionering en herstrukturering van ringe en dat die Kommissie aan die volgende Sinode hieroor aanbevelings doen.
GOEDGEKEUR

13.5 Die Sinode versoek kerkrade en ringe om die kernwaardes wat tydens die sinodale vergadering aanvaar is met betrekking tot die wyse waarop vergaderings geskied te oorweeg vir implimentering.
GOEDGEKEUR

13.6 Die Sinode verwys 13.2 na die Tydelike Kommissie vir die Kerkorde om aanbevelings voor te berei vir wysiging van die betrokke bepaling.

GOEDGEKEUR
13.7 Die Sinode besluit om ‘n pos te skep met die posbenaming Predikant in Sinodale Diens Bedieningsondersteuning verantwoordelik vir:
- Fasilitering van die voortgesette teologiese opleiding van predikante.
- Toerusting van kerkraadslede.
- Toerusting van gemeentes.
- Ondersteuning en versorging van predikante en hulle gesinne.
- Ontsluiting van hulpbronne om bogenoemde doelwitte te bereik.
- Reël administrasie van die Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning asook ad hoc-kommissies benoem deur die Kommissie.

Die PSD is ampshalwe lid van die Kommissie.

Die vergadering besluit om die punt eers te laat oorstaan.

13.8 Die benoeming van die PSD Bedienings-ondersteuning word gedoen deur ‘n taakspan saamgestel deur al drie permanente kommissies met die Sinodale Kommissie vir Bedieningsonder-steuning as sameroeper.
GOEDGEKEUR

SKG

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. INLEIDING
KENNIS GENEEM
3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001

3.1 Indeling van Ringe
AANBEVELING
Die Sinode keur die werkswyse van die SKG goed.
GOEDGEKEUR

4. VERSORGING VAN LERAARS EN HUL GESINNE
KENNIS GENEEM

5. DIE PREDIKANTEKORPS VAN DIE NOORD-KAAP
KENNIS GENEEM
6. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

6.1 Pastor Pastorum bediening.
KENNIS GENEEM

6.2 Mentorprogram vir leraars in hul eerste gemeentes.
KENNIS GENEEM
6.3 Die benutting van retraits in predikantebediening.
KENNIS GENEEM

6.4 Predikante Versorgingskommissie op plaaslike vlak.
KENNIS GENEEM

6.5 Die verwisseling van standplase.
KENNIS GENEEM

6.6 Verpligte VTO=s.
KENNIS GENEEM

Tafelbespreking vind plaas en die volgende onderwerpe word hanteer:
- Hoe help die kerkraad die leraar om gemotiveerd te bly?
- Sou verplasing of standplaasverwisseling in die proses help?

7. AANBEVELINGS
Die SKG het by sy jaarvergadering te Pro Regno op 19 Mei 2003 die volgende aanbevelings ten opsigte van bogenoemde sake geformuleer:

7.1Pastor Pastorum

7.1.1 Die Sinode versoek ringe om aan die geestelike welstand van hul leraars en pastoriegesinne aandag te gee deur in elke ring iemand spesiaal daarvoor af te sonder.
GOEDGEKEUR

7.2 Standplaasverwisseling

7.2.1 Die Sinode betuig sy instemming met die wyse waarop standplaasverwisseling hanteer moet word.
GOEDGEKEUR

7.2.2 Die Sinode versoek ringe om die saak van standplaasverwisseling op die agenda van die onderskeie kerkrade in ringsverband elke vyf jaar te bespreek.
GOEDGEKEUR

7.2.3 Die Sinode versoek die AKG om ‘n stelsel van “gedwonge verplasing” met ‘n sentrale vergoedingstelsel te ondersoek. Die Sinode is deeglik daarvan bewus dat so ‘n stelsel huidiglik

nie strook met die Ned Geref Kerk se Kerkregeringstelsel nie. In die lig van die probleme rakende die horisontale mobiliteit van leraars en die probleme om die stelsel van standplaasverwisseling van die grond te kry, is die Sinode van mening dat die saak ondersoek behoort te word en dat weë gevind moet word om die verwisseling van leraars op ‘n gereelde basis te fasiliteer.
GOEDGEKEUR
7.3 Retraits

7.3.1 Die Sinode versoek die SKG om ‘n retraitprogram vir leraars in die Noord-Kaap te vestig.
GOEDGEKEUR

7.4 Versorgingskommissie op plaaslike vlak

1.1.1 Die Sinode moedig kerkrade aan om die begeleiding en versorging van leraars te doen deur ‘n kommissie met spesifieke persone hiervoor af te sonder.
GOEDGEKEUR

7.4.2 Die Sinode versoek die SKG om riglyne vir die funksionering en samestelling van so ‘n kommissie saam te stel vir gebruik in gemeentes.
GOEDGEKEUR

7.5 Mentorskapprogram

7.5.1 Die Sinode keur die tot standkoming van ‘n mentorskapprogram, soos deur die Algemene Sinode goedgekeur, goed vir implimentering in die Noord-Kaap.
GOEDGEKEUR

7.5.2 Die Sinode wys ‘n administrateur vir die mentorprogram aan. Die mentorprogram-administrateur help in die vestiging van mentorvennootskappe en begelei die mentors waar nodig. (Dit sluit in oa die identifisering van bevestigde leraars en potensiële mentors in die streeksinode).
Die aanbeveling word TERUGGETREK deur die kommissie.

7.5.3 Die Sinode versoek plaaslike gemeentes (indien ‘n proponent beroep word) om vir die koste van die mentorskapprogram te begroot. (Die plaaslike gemeente as werkgewer is verantwoordelik vir die nuwe leraar se ontwikkeling.)

AMENDEMENT
Vervang “Plaaslike gemeentes” met “Kommissie vir Hulpdienste” en “versoek” word vervang met “gee opdrag”.
Voorsteller: JJ Vogel
Sekondant: CM Rautenbach
GOEDGEKEUR

Die AANBEVELING soos GEAMENDEER lei as volg:
Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Hulpdienste (indien ‘n proponent beroep word) om vir die koste van die mentorskapprogram te begroot. (Die plaaslike gemeente as werkgewer is verantwoordelik vir die nuwe leraar se ontwikkeling.)
GOEDGEKEUR

8. ANDER SAKE DEUR DIE SKG HANTEER

8.1 Predikantsbediening as Woordbediening
AANBEVELINGS
8.1.1 Die Sinode neem kennis van die verslag van die Algemene Sinode getiteld *Predikants-bediening as Woordbediening* en verwys dit na gemeentes en ringe.
GOEDGEKEUR

8.1.2 Die Sinode versoek gemeentes om daarmee erns te maak dat hulle predikante op Woordbediening in sy verskillende gestaltes behoort te fokus en daadwerklike pogings behoort aan te wend om hulle los te maak van aktiwiteite wat buite hierdie opdrag val.
GOEDGEKEUR

9. SLOT
AANBEVELING
Die Sinode gee geleentheid dat die afgevaardigdes mekaar LIED 269:1-4 kan toesing as seënbede.
GOEDGEKEUR

Die Voorsitter stel aan die orde: 13.7 van HERSTRUKTURERING.

13.7 Die Sinode besluit om ‘n pos te skep met die posbenaming Predikant in Sinodale Diens Bedieningsondersteuning verantwoordelik vir:
- Fasilitering van die voortgesette teologiese opleiding van predikante.
- Toerusting van kerkraadslede.

- Toerusting van gemeentes.
- Ondersteuning en versorging van predikante en hulle gesinne.
- Ontsluiting van hulpbronne om bogenoemde doelwitte te bereik.
- Reël administrasie van die Sinodale Kommissie vir Bedieningsondersteuning asook ad hoc-kommissies benoem deur die Kommissie.

Die PSD is ampshalwe lid van die Kommissie.

VOORSTEL
Die Sinode besluit om 13.7 te verwys na die drie permanente kommissies om die skep van `n pos vir bedieningsondersteuning te heroorweeg met in agneming van die Saakgelastigde en Bestuurder vir NG Welsyn poste. Die kommissies kry volmag om die saak af te handel met rapport aan die volgende Sinode.
Voorsteller: FD Hugo
Sekondant: JG Pansegrouw
GOEDGEKEUR

SKE

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir die Erediens.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. VISIE EN MISSIE VAN DIE SKE
2.1 Visie van die SKE
KENNIS GENEEM

2.2 Missie van die SKE
KENNIS GENEEM

2.3 Doelwitte van die SKE
Daar word geleentheid aan sinodegangers gegee om in kleingroepe die volgende vrae te bespreek.

_ Afgevaardigdes kry die geleentheid om die verwagtinge en frustrasies van lidmate rondom eredienste te bespreek.
_ Afgevaardigdes kry die geleentheid om die noodsaaklikheid vir die kreatiewe liturgiese inrigting van eredienste te bespreek.

Aankondigings
JPW Crafford van Diamandveld maak verskoning vir die middagsessie van die tweede sittingsdag.

Die volgende besoekers word verwelkom:

_ Jacomina Jacobs
_ Sophia Maritz
_ Gerrie van Dyk van die Bybelgenootskap

Die vergadering verdaag vir tee.

TWEEDE SITTINGSDAG
(Na middag teepouse)

Ds G Kumm en Me ED Kleyn van Kuruman Die Oog maak verskoning vir die laaste sessie van die tweede sittingsdag - JW van den Berg kan waarskynlik nie môre se sitting vanweë veldbrande bywoon nie.

VERKIESING AFGEVAARDIGES NA DIE ALGEMENE SINODE
Die Voorsitter vra nominasies vir afgevaardigdes na die Algemene Sinode. Die vergadering besluit dat alle afgevaardigdes as genomineerdes beskou word. ‘n Stembrief word opgestel.

Voortgang van die verslag van SKE.
2.3 Doelwitte van die SKE (Vervolg)

AANBEVELINGS
2.3.1 Die Sinode gee aan ouderlinge en diakens die geleentheid om die verwagtinge en die frustrasies van lidmate rondom eredienste aan die Sinode deur te gee.
GOEDGEKEUR

2.3.2 Die Sinode gee geleentheid aan afgevaardigdes om die noodsaaklikheid vir die kreatiewe liturgiese inrigting van eredienste te bespreek.
GOEDGEKEUR

2.3.3 Die Sinode versoek leraars om teologies verantwoordelik met die Skrifteks om te gaan en liturgies kreatief te wees sodat eredienste ont-moetingsgeleenthede tussen God en Sy gemeente kan wees.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode versoek alle kerkrade om te sorg dat hul leraars gedra word en hulle sterk sal hou.
Voorsteller: SE van Wyk
Sekondant: WJ Bester
GOEDGEKEUR

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE SKE

3.1 Liedboekdag 14 September 2002
AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode versoek Ringe om ondersteuningsnetwerke vir orreliste binne hul ringsgebied te skep.
GOEDGEKEUR

3.1.2 Die Sinode gee geleentheid aan afgevaardigdes om hulle mening uit te spreek oor die behoefte al dan nie, vir ‘n reeks CD-skywe met al die Liedboek-liedere daarop.
GOEDGEKEUR

3.1.3 Die Sinode gee opdrag aan die SKE om ‘n ondersoek te doen oor die moontlikheid van ‘n CD opname van ‘n ervare orrelis(te) wat al die liedere van die Liedboek op ‘n orrel begelei.
GOEDGEKEUR

3.2 Hou van eredienste sonder 'n leraar.
AANBEVELING
3.2.1 Die Sinode versoek leraars en konsulente om die lys preekbundels en boeke wat die Bedieningsondersteunings-kommissie saamgestel het, aan ouderlinge wat preekbeurte moet waarneem, beskikbaar te stel.
GOEDGEKEUR

3.2.2 Die Sinode versoek leraars en konsulente om ouderlinge met die opstel van liturgieë te help.
GOEDGEKEUR
3.3 BUVTON Erediensnavorsinggroep
KENNIS GENEEM

3.4 SAKOV verteenwoordiging
KENNIS GENEEM

3.5 Begrafnisdienste

AANBEVELING
Die Sinode besluit dat die Bedieningsondersteunings kommissie ‘n ondersoek doen oor die inrigting van die begrafnisdiens (veral die verassingsdiens) en die moontlike gebruik van simboliek in hierdie dienste.
GOEDGEKEUR

4. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

AANBEVELING
Die Sinode versoek leraars, kerkrade en gemeentes om aan die besluite van die Algemene Sinode, aangaande die erediens en verwante sake, die nodige aandag te gee.
GOEDGEKEUR

BYBELGENOOTSKAP SA

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die verteenwoordiger vir die Bybelgenootskap.

1. INLEIDING
KENNIS GENEEM

2. WÊRELDBOND VAN BYBELGENOOTSKAPPE
KENNIS GENEEM

3. EERSTE AFRIKAANSE BYBEL 70 JAAR (1933-2003)
KENNIS GENEEM

4. BYBELVERTALING

4.1 Nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel
KENNIS GENEEM

4.2 Afrikaanse Bybel vir Dowes
KENNIS GENEEM

4.3 Suid-Ndebele
KENNIS GENEEM

5. 200 JAAR VAN BYBELGENOOTSKAPWERK (2004)

AANBEVELING
Die Sinode versoek Kerkrade en lidmate om in te skakel by die 200ste bestaansjaar van die Bybelgenootskapbeweging op streek- en gemeentevlak ten einde mense bewus te maak van die Bybel en die Bybelgenootskap.
GOEDGEKEUR

6. BYBELVERSPREIDING
KENNIS GENEEM

7. BYDRAES VIR BYBELGENOOTSKAP

AANBEVELINGS
7.1 Die Sinode versoek Kerkrade om jaarliks stiptelik te wees met die oorbetaling van bydraes aan die Bybelgenootskap vóór die finansiële jaareinde van die Bybelgenootskap – 31 Oktober.
GOEDGEKEUR

7.2 Die Sinode moedig Kerkrade aan om R19 per belydende lidmaat as mikpunt te stel wat een Bybel per belydende lidmaat per jaar verteenwoordig.
GOEDGEKEUR

SKLAS

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001

2.1 Kinders: Toelating tot viering van Nagmaal
KENNIS GENEEM

2.2 Beskrywingspunt van die Ring van Carnarvon (Bl 213 pt 2.2)

AANBEVELING
Die Sinode wys die Ring van Carnarvon en gemeentes op die volgende stukke wat as riglyne ten opsigte van Skrifgesag gebruik kan word: *Bylae 1* van SKLAS se verslag, *Bylae 2* (voorwoord tot verslag oor homoseksualiteit), en die verslag van AKLAS aan die Algemene Sinode 2002, pp 201-210.
GOEDGEKEUR

Die vergadering word geleentheid gegee om Bylae 1 van SKLAS te lees.

_ Die volgende vraag word by die tafels bespreek: Hoe help die bylae jou om die Bybel reg te lees, te verstaan en te glo?

Die bespreking word gestaak en daar word oorgegaan tot die verkiesing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode. Alle afgevaardigdes word beskou as genomineer. Die Voorsitter versoek die vergadering om nege leraars en nege ouderlinge te kies.

EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Tydelike Kerkordekommissie.

Die Voorsitter versoek die vergadering om die verslag van die Tydelike Kerkordekommissie te lees.

4. Aansoek om herstel van ampsbevoegdheid – GJ Duursema (Notule bl 221 pt 2.21.5)

AANBEVELING:
Die Sinode besluit om die aansoek te hanteer volgens die Reglement vir die Reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente (Kerkorde bl 41 pt 6).
GOEDGEKEUR

3. Plek van Kerkordekommissie (Notule bl 223 pt 13.2.1)

AANBEVELING
Die Sinode besluit om 'n vierde permanente kommissie naamlik die Kerkordekommissie bestaande uit ses lede te benoem, wie se opdrag soos volg beskryf word:

Die Kerkordekommissie dien:
- As appèlliggaam tussen Sinodes.
- Rangskik die Kerkregtelike besluite van die Sinode en publiseer dit so gou moontlik.
- Die gee van advies en hantering van sake van kerkregtelike aard.

Die voorsitter van die Kerkordekommissie dien op die Algemene Regskommissie as aktuarius.

AMENDEMENT
Die Sinode benoem drie permanente kommissies. Die Sinode benoem ook `n Kerkordekommissie bestaande uit ses lede.
Voorsteller: JJ Vogel
Sekondant: CM Rautenbach
GOEDGEKEUR

Die GEAMENDEERDE voorstel lei soos volg:

Die Sinode benoem drie permanente kommissies. Die Sinode benoem ook `n Kerkordekommissie bestaande uit ses lede wie se opdrag soos volg beskryf word:

Die Kerkordekommissie dien
- As appèlliggaam tussen Sinodes.
- Rangskik die Kerkregtelike besluite van die Sinode en publiseer dit so gou moontlik.
- Die gee van advies en hantering van sake van kerkregtelike aard.

Die voorsitter van die Kerkordekommissie dien op die Algemene Regskommissie as aktuarius.
GOEDGEKEUR

2. Eenwording van die Ringe van Du Toitspan en Kimberley (Beskrywingspunt 2 pt 2.21.2 bl 221 Notule)

AANBEVELING
1. Die Sinode keur die aansoek om eenwording van die Ringe van Du Toitspan en Kimberley in beginsel goed. (Art 29).
GOEDGEKEUR

2. Die Sinode verwys die afhandeling van die eenwording van die Ringe van Du Toitspan en Kimberley na die onderskeie Ringskommissies en die permanente Kerkordekommissie met spesifieke verwysing na die Reglement van eiendomme, goedere en fondse (Kerkorde bl 65 pt3).
GOEDGEKEUR

Punt 1 van die verslag staan oor.

Die Voorsitter vra dat die Ringe moet bevestig dat hulle weet waar hulle na verdaging gaan vergader.

Die Voorsitter reël dit so dat die stemming vir afgevaardigdes na die Algemene Sinode die volgende dag afgehandel sal word.

Die volgende afkondigings word gedoen:

- Die tydelike kommissies word herinner dat hulle na aandete, nadat die Ringe gekonstitueer het, sal vergader.
- Die volgende verskonings word ter tafel gelê: Die broers van Tadcaster en Kuruman word verskoon agv veldbrande wat uitgebreek het.
- Reiskostevorms moet voor aandete by NJ Bonthuys ingelewer word.

Die afsluiting word waargeneem deur dr BJ Vos en die vergadering sluit af met Lied 434.

Die vergadering verdaag tot die volgende dag

DERDE SITTINGSDAG 15 OKTOBER 2003

DAGOPENING

Die opening word waargeneem deur ds JP Jooste. Skriflesing word gedoen uit Amos 2:6-8; 13-16.

Bybelstudie word gedoen in die groepe.

Geleentheid word gegee vir gebed in die groepe.

Die Bybelstudie word afgesluit met Lied 601.

Die Voorsitter vra toestemming dat die vergadering vinniger kan beweeg, aangesien die vergadering agter is met die program.

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van Sinodale Kommissie van Leer en Aktuele Sake.

SKLAS
(Vervolg)

Daar word voortgegaan met die bespreking van pt 2.2.

2.2 Beskrywingspunt van die Ring van Carnarvon (Bl 213 pt 2.2).

VOORSTEL

Die Sinode versoek gemeentes om doelgerig voorbidding te doen dat Christene Woordgetrou sal bly in die huidige tydsgewrig waarin die gesag van die Skrif al hoe meer bevraagteken en selfs ondermyn word.
Voorsteller: JG Pansegrouw
Sekondant: MC Cronjè
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode versoek leraars om Bylae 1 van die SKLAS verslag aan gemeentelede beskikbaar te stel.
Voorsteller: PL Louw
Sekondant: JPJ van Tonder
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
1. Die Sinode aanvaar die Bybel onvoorwaardelik as die Woord van God.
2. Die Sinode erken en onderwerp homself aan die gesag van die Bybel.
3. Die Sinode onderskryf opnuut Art 7 van die NGB wat lui A...Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word."
Voorsteller: JH de B Barnard
Sekondant: TG Mahne
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Bedieningsondersteuning op om 'n deeglike studie rondom die "Nuwe Hervorming" te fasiliteer ten einde gemeentes duidelike riglyne in die verband te kan gee.
Voorsteller: DL van Niekerk
Sekondant: J Conradie
GOEDGEKEUR

2.3 Homoseksuele verhoudinge

AANBEVELING
Die Sinode neem kennis van *BYLAES 3 en 4*.
GOEDGEKEUR

Die volgende vraag word by die tafels bespreek:
- Hoe behoort `n gemeente `n homoseksuele lidmaat te akkommodeer?

VOORSTEL
Die Sinode vereenselwig hom met die besluite van die 2002 Algemene Sinode oor Homoseksualiteit en versoek ringe en gemeentes om kennis te neem van verdere ondersoeke asook versoeke op hulle van toepassing ernstig op te neem en toe te pas. (Kyk na Not Alg Sinode p. 624 pt. 12.11)
Voorsteller: FP Avenant
Sekondant: CH van Wyk

Word ONDERVANG in die goedgekeurde voorstel van JJ Vogel.

VOORSTEL
Die Sinode van Noord-Kaapland besluit om SKLAS se Bylae 3 te verwerp en Bylae 4 te aanvaar en bevestig die Sinode gevolglik die besluit van die Algemene Sinode van 1986 dat homoseksualiteit 'n sonde is ingevolge die Woord van God soos blyk uit oa uit Lev. 18:22, Lev 18:13, Rom. 1:25-27, 1 Kor 6:9 en 1 Tim 1:10. Homoseksuele persone moet daarom met liefde deur die kerk gelei word om hierdie sonde te oorkom.
Voorsteller: HW de Jager
Sekondant: WP Burger
Word ONDERVANG in die goedgekeurde voorstel van JJ Vogel.

VOORSTEL

1. Die Sinode besluit om te stem oor die vraag of die beoefening van homoseksualiteit vir hom aanvaarbaar is of nie. Die Sinode kies dus tussen Bylae 3 en 4 se opsommings.
2. Die Sinode besluit dat die beoefening van homoseksualiteit vir hom nie aanvaarbaar is nie.
3. Die Sinode besluit om op kerkrade en gemeentes 'n beroep te doen om die homoseksuele lidmaat met liefde en deernis te behandel.

4. Die Sinode besluit om Bylae 3 en 4 se volledige teks aan die sinodegangers beskikbaar te stel.

Voorsteller: TG Mahne
Sekondant: PL Bruwer
Word ONDERVANG in die goedgekeurde voorstel van JJ Vogel.

VOORSTEL
Die Sinode verbind hom steeds tot pastorale begeleiding, maar spreek haar ten sterkste uit teen die beoefening van homoseksualiteit. (Motivering: Terwyl die Kerk homoseksuele lidmate steeds met pastorale bewoënheid begelei, mag ons nooit die feit misken dat dit 'n gruwel in die oë van God is nie.)
Voorsteller: GP Barnard
Sekondant: WJ Bester
Word ONDERVANG in die goedgekeurde voorstel van JJ Vogel.

VOORSTEL

Die Sinode wys die volgende Ad hoc-kommissie aan bestaande uit: CH Jacobs, JJ Lamprecht, DL van Niekerk en JH de B Barnard om die studiestukke en voorstelle oor homoseksualiteit (Bylae 3 en 4) te evalueer en dan te gee aan AKLAS en terugvoering te gee aan die volgende sinode van Noord-Kaap.
Voorsteller: JJ Vogel
Sekondant: PL Louw
GOEDGEKEUR

Ds AJ Verhoef van Bybel Media word welkom geheet in die vergadering.

Aankondigings:
Verskonings: Oudl JL Uys van Kameelboom (plaas het afgebrand) vir res van vergadering, Oudl J Odendaal van Kimberley vir Donderdag (medies) en ds PJL Blaauw (afspraak) vir Woensdag.

Stemtellers vra toestemming dat die nege leraars en nege ouderlinge wat die hoogste stemme gekry het as afgevaardigdes aangewys sal word na die Algemene Sinode.
GOEDGEKEUR

Die vergadering verdaag vir tee

DERDE SITTINGSDAG
(Na teepouse)

Die bespreking van 2.3 word voortgesit.

Al die Ad hoc-kommissielede (homoseksualiteit) en persone wat voorstelle ingedien het rakende pt 3.2 vergader tydens middagete.

Die volgende persone is verkies tot afgevaardigdes na die Algemene Sinode:

Leraars

Primarii
Ds FP Avenant
Dr LM Basson
Ds FD Hugo
Ds C Janse van Rensburg
Ds PL Louw
Dr WPL Preller
Ds JGF Roelofse

Ds JJ Vogel
Dr JB Vos

Sekundi
Ds L Forsman
Dr JJ Lamprecht
Dr DL van Niekerk
Ds L de Kock
Ds NJ Bonthuys
Ds J Conradie
Ds FJ Marais
Ds GP Barnard
Ds C Steenkamp

Kerkraadslede

Primarii
DS Albertyn
JH de B Barnard (ds)
PH Coetzee
PJJ Goussard
DH Groenewald
JDK Haasbroek
HL Jacobs
EJ Rautenbach (prop)
WH van Aswegen

Sekundi
DF Barnard
G Moolman (me)
JD Bekker
WJ Bester
JAC Burger
JH de Beer (me)
PE De Jager
C van Staden (me)
WJ van der Merwe

Die vergadering word versoek om nominasies in te dien vir `n verteenwoordiger op die ASK.

2.4 Huidige brandende kwessies
KENNIS GENEEM

3. ANDER SAKE DEUR SKLAS GE-HANTEER

3.1 AWenke wat werk"
KENNIS GENEEM

3.2 Amos Agrimin
KENNIS GENEEM

4. VERSLAE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2002

4.1 Arminianisme in die kerklike media (bl. 187-190)
KENNIS GENEEM

4.2 Doopviering (bl. 200-201)
KENNIS GENEEM

4.3 Geweld (bl. 210-214) en korrupsie (bl. 225-229)
AANBEVELING
Die Sinode moedig kerkrade aan om op 'n sinvolle wyse van die verslae gebruik te maak.
GOEDGEKEUR

4.4 Grondhervorming (bl. 219-225)
AANBEVELING
Die Sinode versoek gemeentes om die verslag te bestudeer.
GOEDGEKEUR

4.5 Homoseksualiteit (bl. 246-254)
AANBEVELING
Die Sinode versoek gemeentes en kerkrade om die verslag te bestudeer en volhardend te bid sodat die kerk mag groei in wysheid met betrekking tot wat die Skrif oor hierdie saak sê.
GOEDGEKEUR

4.6 Lotto (bl. 259-263)
AANBEVELING
Die Sinode versoek kerkrade om die verslag te bestudeer en lidmate op hoogte te hou van die ernstige gevare wat deelname aan die staats-lotery vir hulle inhou.

AMENDEMENT
Vervang Abestudeer en lidmate op hoogte te hou van die ernstige gevare wat deelname aan die staatslotery vir hulle inhou." met Abestudeer en lidmate ten sterkste te ontmoedig om aan die Lotto en ander soortgelyke fondsinsamelingsprojekte deel te neem."
Voorsteller: J Conradie
Sekondant: WH van Aswegen
GOEDGEKEUR

Die AANBEVELING soos GEAMENDEER lui dus as volg:
Die Sinode versoek kerkrade om die verslag te bestudeer en lidmate ten sterkste te ontmoedig om aan die Lotto en ander soortgelyke fondsinsamelingsprojekte deel te neem.
GOEDGEKEUR

Vergadering stem vir `n verteenwoordiger op die ASK. Die volgende afgevaardigdes is genomineer: GP Barnard, LM Basson, L Forsman, C Janse van Rensburg, PL Louw en GA vd Merwe

SKKM

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir Kerklike Media.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001
2.1 Noord-Kaapland Webblad
KENNIS GENEEM

3. EIE WEBWERF VIR NOORD-KAAPLAND

AANBEVELINGS
3.2.1 Die Sinode besluit dat die Noord-Kaap Sinode met ingang van 1 Maart 2004 volledig elektronies sal funksioneer deur gebruik te maak van Winkerk. Gemeentes wat nie gereed is om dmv internet te funksioneer nie, dui dit vooraf aan en sal op die ou manier korrespondeer.
Aanbeveling is TERUGVERWYS na die Sinodale Kommissie vir Kerklike Media.

3.2.2 Die Sinode besluit dat die webblad van die Sinode plaaslik in Kimberley in stand gehou moet word.
GOEDGEKEUR

3.2.3 Die Sinode besluit dat alle gemeentes tydens die sinodesitting inligting moet deurgee vir opname in die webblad, sodat alle inligting teen die einde van Oktober 2003 beskikbaar is. ('n Vraelys in dié verband sal gereed gemaak word en gesirkuleer word.)
GOEDGEKEUR

4. ALGEMENE SINODE 2002

AANBEVELING
Die Sinode betreur:
4.1 Die dilemma waarin die Tydskrifte Maatskappy beland het;
GOEDGEKEUR
en
4.2 dat die dagpers individue verdag gemaak het sonder behoorlike ondersoek.
GOEDGEKEUR

5. TYDSKRIFTE MAATSKAPPY

AANBEVELING

5.1 Die Sinode bevestig die noodsaaklikheid van die kerklike media en die rol wat laasgenoemde in die kerklike milieu en in breër verband speel.
GOEDGEKEUR

5.2 Die Sinode bevestig dat die voortbestaan van 'n eie koerant en die Jaarboek vir die kerk noodsaaklik is.
GOEDGEKEUR

5.3 Die Sinode doen daarom 'n beroep op kerkrade om in te teken op *Kerkbode* en versoek kleiner gemeentes om met ander naby liggende gemeentes te skakel vir gesamentlike versending.
GOEDGEKEUR

5.4 Die SKKM kry opdrag om met die tydskrifte Maatskappy te onderhandel om *Kerkbode* in groter sentrums beskikbaar te stel. TM kan met groter gemeentes in die verband onderhandel.
GOEDGEKEUR
(SKKM word vervang met Sinodale Kommissie vir Hulpdienste.)

6. BYBELMEDIA
AANBEVELING
Die Sinode moedig leraars, kerkrade en gemeentes aan tot benutting van die beskikbare hulpmiddels op media-terrein deur gebruikmaking van die gereelde katalogus.
GOEDGEKEUR

Die Voorsitter maak bekend dat die volgende lede aangewys is as verteenwoordigers vir die ASK:
Primarius: C Janse van Rensburg
Sekundus : PL Louw

KURATORIUM
STELLENBOSCH

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Kuratorium: Stellenbosch.

1. INLEIDING

1.1 Onderskeid tussen Fakulteit en Kweekskool
KENNIS GENEEM
2. TEOLOGIESE OPLEIDING

2.1. ALGEMEEN
2.1.1 Visie
KENNIS GENEEM

2.1.2 Diens aan gemeentes
KENNIS GENEEM

2.1.3 Bydrae tot kerkhereniging
KENNIS GENEEM

2.1.4 Teologiese opleiding in breër verband
KENNIS GENEEM

3. ENKELE WESENLIKE SAKE RAKENDE TEOLOGIESE OPLEIDING

3.1 Herevaluering van die huidige geïn-tegreerde kursus
KENNIS GENEEM

3.2 Alternatiewe bane vir teologiese opleiding
KENNIS GENEEM

3.3 Behoefte aan geskikte persone vir die bediening
KENNIS GENEEM

3.4 Kerklike betrokkenheid van studente
KENNIS GENEEM

3.5 Opleiding in gereformeerde teologie
KENNIS GENEEM

3.6 Aanbouings by die Kweekskool
KENNIS GENEEM

3.7 Personeelbeplanning
KENNIS GENEEM

4. AANBEVELINGS
4.1 Die Sinode vereenselwig hom met die Kuratorium se visie vir dienslewering deur teologiese opleiding soos verwoord in punt 2.1.1 - 2.1.4.
GOEDGEKEUR

4.2 Die Sinode gee geleentheid vir toeligting van die brief aan predikante in verband met die behoefte aan geskikte persone vir teologiese opleiding. (Pt 3.3)
GOEDGEKEUR

5. BUVTON
KENNIS GENEEM

VOORSTEL
Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Bedieningsondersteuning om so spoedig moontlik na afloop van die Sinode met die pastorie-gesin van Kanoneiland in gesprek te gaan ten einde hulle pastoraal te ondersteun.
Voorsteller: JG Pansegrouw
Sekondant: DL van Niekerk
GOEDGEKEUR

KURATORIUM
PRETORIA

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Kuratorium: Pretoria.

1. SITUASIE BY FAKULTEIT TEOLOGIE
KENNIS GENEEM

2. DIE ONDERRIG
KENNIS GENEEM

3. ROL VAN DIE KURATORIUM (BEHEERLIGGAAM)

AANBEVELINGS
3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat ook die Transvaalse Sinodes aan die ander Sinodes die voorreg gee om op eie koste volle lede van die Kuratorium te wees.
GOEDGEKEUR

3.2 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat deur die dosente aan die teologiese fakulteit gedoen word en bid hulle die seën van die Here toe en verseker hulle van ons voorbidding.
GOEDGEKEUR

KURATORIUM
BLOEMFONTEIN

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Kuratorium: Bloemfontein.

1. SAMESTELLING EN WERKSAAMHEDE

1.1 Kuratorium
KENNIS GENEEM

1.2 Begeleidingskommissie
KENNIS GENEEM

1.3 Eksamenkommissie
KENNIS GENEEM

2. DOSENTEKORPS AAN DIE FAKULTEIT
KENNIS GENEEM

3. VERKLARING VAN DOSENTE OOR NUWE HERVORMING
KENNIS GENEEM

4. NUWE OOREENKOMS VIR TEOLOGIESE OPLEIDING TUSSEN DIE NG KERK IN DIE VRYSTAAT EN DIE VRYSTAATSE UNIVERSITEIT

4.1 Selfstandigheid van die Fakulteit Teologie
KENNIS GENEEM

4.2 Aanbod van gereformeerde teologiese opleiding
KENNIS GENEEM

4.3 Kanale vir kommunikasie bly oop
KENNIS GENEEM

5. STUDENTEGETALLE
KENNIS GENEEM

6. DANKWOORD
KENNIS GENEEM

7. AANBEVELINGS
7.1 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering teenoor prof Pieter Potgieter vir die besondere rol wat hy oor dekades gespeel het in die opleiding van studente vir die Evangeliebediening. Die Sinode wens hom met die aanvaarding van sy emeritaat 'n rustige en ontspanne aftrede toe.
GOEDGEKEUR

7.2 Die Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor die dekaan en dosente van die NG Kerk aan Fakulteit Teologie wat steeds met toewyding en onvermoeide ywer studente oplei vir die Evangeliebediening. Die Sinode verseker hulle van heelhartige ondersteuning in hierdie grootse taak en bid hulle die seën van die Here toe.
GOEDGEKEUR

ARGIEF

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Argiefkommissie.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 2001

2.1 Elektroniese kommunikasie
KENNIS GENEEM

2.2 Dooplidmaatregister
KENNIS GENEEM

3. RIGLYN VIR RINGSKRIBAS
KENNIS GENEEM

4. ARGIEF BY SINODALE KANTOOR
KENNIS GENEEM

5. SAKE VANAF DIE ARGIEF-KOMMISSIE VAN DIE WES-KAAP

5.1 Verskuiwing van Argief
KENNIS GENEEM

5.2 Herverpakking en Elektroniese ontsluiting
KENNIS GENEEM

5.3 Sluiting van Argief vir Genealogiese Navorsing
KENNIS GENEEM

5.4 Digitalisering van die Doop- en Lidmaatregisters
KENNIS GENEEM

5.5 Twee dramatiese ontwikkelinge wat plaasgevind het
KENNIS GENEEM

5.6 Die sinodes wat tans deur die Kaapse argief bedien word
KENNIS GENEEM

5.7 Personeel en vergaderings
KENNIS GENEEM

6. SLOT
KENNIS GENEEM

VOORSTEL
Die Sinode gee volmag aan die Kommissie vir die Kerkorde om in oorleg met die verteenwoordigers van die Sinode op die Argiefkommissie van die Wes- en Suid-Kaap die Argief-reglement in ooreenstemming te bring met die nuwe reglement van die Wes- en Suid-Kaap.
Voorsteller: TE Smit
Sekondant: GA van der Merwe
GOEDGEKEUR

Ds Verhoef van Bybel Media word aan die woord gestel. Hy oorhandig die nuwe Kerkbybel aan die vergadering. Hy versoek die vergadering om `n vraelys in te vul voor die einde van die dag.

Die Voorsitter bedank Bybel Media vir hul bydrae en die nuwe Kerkbybel.

Aankondigings:
Die vergadering word versoek om ou Afrikaanse vertaling Bybels in te samel vir die !Xu en Kwê gemeenskappe.

Verskonings: NGD van Lingen, JAC Burger.

Ad hoc-kommissie (en al die indieners van voorstelle rakende MIV/vigs) vergader 13h30 by die saal.

Die Voorsitter versoek die vergadering om tydens ete die verslag oor gemeentegrense te lees.

DERDE SITTINGSDAG
(Na middagete)

Die Voorsitter stel die volgende voorstelle:

VOORSTEL
Die Sinode versoek dat SKOK en die Sinodale Argiefkommissie aandag sal skenk aan die feit dat vrouens in die toekoms onder ‘n keuse van ‘n wettige van in die bevolkingsregister opgeneem sal word. Dit het spesifieke implikasies vir die dooplidmaatregister en die uitreiking van ‘n doopseël.
Voorsteller: TE Smit
Sekondant: WPL Preller
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode besluit dat die NG Kerk in NK met ingang van 1 Maart 2004 volledig elektronies funksioneer, maw deur internet; en dat alle gemeentes sover moontlik van Winkerk gebruik sal maak om eenvormigheid, ook tov administrasie, te bewerkstellig. (Pt 3.2.1 op bl 234 hiermee afgehandel)
Voorsteller: UP Malherbe
Sekondant: MMD Britz
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Bedieningsondersteuning om met Amos Agrimin in gesprek te tree ten einde ‘n daadwerklike poging aan te wend om hul voorneme uit te voer om hul leerstof van Arminiaanse trekke te suiwer sodat ons met hulle kan saamwerk. Arminianisme strook immers nie met ons gereformeerde belydenis nie. Vgl KO (2002) Reglement 21 bl 102 (veral 1.3 & 1.6)
Voorsteller: J Conradie
Sekondant: DL van Niekerk
GOEDGEKEUR

SSK

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Sendingkommissie.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001

1.1 Missionêre Diakonaat
KENNIS GENEEM

3. VERSLAG VAN DIE DUTCH REFORMED CHURCH IN BOTSWANA AAN DIE SINODE

3.1 Agtergrond

AANBEVELINGS
3.1.1 Die Sinode neem met groot dankbaarheid kennis van die pad wat God gestap het en besig is om te stap met die Ned Geref Kerk en die DRCB, en die historiese-, konfessionele- en liefdesband wat ons aan mekaar bind.
GOEDGEKEUR

3.1.2 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die verskillende bedieninge, veral aan die minderbevoorregtes in die DRCB en moedig gemeentes aan om voortdurend voorbidding te doen vir die inrigtings.

GOEDGEKEUR

3.1.3 Die Sinode neem met groot dank kennis van die rol wat ds AB Cloete vir dekades in die DRCB gespeel het. Die Sinode bid hom en sy gade ‘n geseënde aftrede toe.
GOEDGEKEUR

3.1.4 Die Sinode versoek alle gemeentes wat op kort termyn uitreike na Botswana gaan om asseblief met die plaaslike DRCB gemeentes saam te werk, asook om die SKDG in kennis te stel sodat werk in die verskillende gemeentes van die DRCB ook gekoördineer kan word en nie net op een gebied gefokus word nie. So kan die DRCB ook betrek word indien daar in gebiede gewerk word, waar daar geen DRCB gemeentes bestaan nie. So sal gehelp word met die groei van die DRCB en verseker word dat lidmate ‘n geestelike tuiste vind.
GOEDGEKEUR

3.2 Teologiese opleiding
AANBEVELINGS
3.2.1 Na aanleiding van die mooi werk wat in die DRCB geskied, asook die huidige probleme rakende gereformeerde identiteit en opleiding, is die Sinode van die Ned Geref Kerk Noord-Kaapland oortuig daarvan dat hy steeds ‘n belangrike bemagtigingsrol het om te speel in die DRCB. Die Sinode besluit opnuut om hom te verbind aan die DRCB om ‘n pad van hulp, ondersteuning, bemagtiging en broederskap te stap.
GOEDGEKEUR
3.2.2 Die Sinode spreek sy ernstige kommer uit oor die teologiese opleiding in die DRCB en versoek die SKDG om alle moontlikhede, ook van akkreditasie by ‘n universiteit, saam met die DRCB te ondersoek. Die Sinode bemagtig die SKDG om die nodige stappe te mag neem om die opleiding se standaard so gou as moontlik op die bes moontlike en mees effektiewe manier met die mins moontlike finansiële implikasies te verbeter. Sulke stappe moet in lyn wees met die herstrukturering van die Sinode van Noord-Kaapland.
Die Kommissie TREK die aanbeveling TERUG

VOORSTEL
Die Sinode spreek sy ernstige kommer uit oor die teologiese opleiding in die DRCB en versoek KVD om in oorleg met die KVH, alle moontlikhede, ook van moontlike akkreditasie by 'n universiteit, saam met die DRCB te ondersoek. Die Sinode bemagtig die KVD om die nodige stappe te mag neem om die opleiding se standaard so gou moontlik op die bes moontlike en mees effektiewe manier met die mins moontlike finansiële implikasies te verbeter. Sulke stappe moet in lyn wees met die herstrukturering van die Sinode van Noord-Kaapland.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: BJP Booysen
GOEDGEKEUR

3.2.3 Die Sinode gee opdrag aan die SKDG om saam met die DRCB te werk aan ‘n geskikte Kategese handboek waarin die gereformeerde identiteit, die historiese ontwikkeling asook die eie konteks van die DRCB verreken sal word, om sodoende te help dat die lidmate ook bewus word van hulle kerklike identiteit.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode keur die beginsel goed dat die jaarlikse globale hulptoelaag aan die DRCB waarvoor elke jaar begroot word, oor 5 tot 10 jaar uitfaseer kan word in ruil vir 'n eenmalige finansiële skenking, sonder dat die verhouding tussen NG Kerk Noord-Kaap en DRCB of die bediening in die DRCB sal skade ly.

Die Kommissie vir Diensgetuienis moet die besonderhede en implementering in oorleg met die Kommissie vir Hulpdienste uitwerk. Die Kommissies sien toe dat die reëling geen nadelige finansiële uitwerking vir die Sinode sal hê nie. Die beginsel moet ook deur die Sinode van die DRCB goedgekeur word.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: BJP Booysen
GOEDGEKEUR

4. BINNELANDSE SENDING
KENNIS GENEEM
5. WÊRELD SENDING

5.1 Motivering
KENNIS GENEEM

5.2 Gemeente betrokkenheid

Tafelbespreking vind plaas en die volgende onderwerp word hanteer:
- Hoe raak die plaaslike gemeente betrokke by sending?

AANBEVELING
Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van individuele gemeentes wat op een of ander manier betrokke is by die verkondiging van die Evangelie

in ander wêrelddele en bid dat die Here hierdie werk sal seën.
GOEDGEKEUR

5.3 België
AANBEVELING
Gemeentes word opgeroep om by te dra vir die verspreiding van Bybels in België. Lidmate word ook opgeroep om te bid dat God in België deure vir die Woord sal oopmaak, sodat mense die geheimenisse van Christus kan ontdek.
GOEDGEKEUR

5.4 Korttermyn uitreike na België
AANBEVELING
Gemeentes word gevra om lidmate in te lig oor korttermyn uitreike na België en om lidmate wat dit finansieel kan bekostig aan te moedig om hulle name deur te stuur na Izak Davel by die ABC kantoor - telefoon 082 8567065.
GOEDGEKEUR

6. 'n SAMEVATTING VAN VERSLAE OOR DIE SENDINGBETROKKENHEID VAN RINGE EN GEMEENTES IN NOORD-KAAPLAND
AANBEVELING
Die Sinode is dankbaar vir die besondere wyse waarop gemeentes betrokke is by die uitleef van die Kerk se getuienistaak. Die Sinode moedig gemeentes aan om met oorgawe die Evangelie uit te dra.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode gee aan die Kommissie vir Diensgetuienis opdrag om alle moontlike pogings aan te wend om 'n konvent in sentraal Suid-Afrika (Noord-Kaap en OVS) tot stand te bring, met die oog op een kerkverband en 'n meer omvattende diensgetuienis teenoor die nood in die samelewing.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: BJP Booysen
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode besluit om vir elke gemeente (leraar) een CD aan te koop met die inligting rakende HIV/vigs.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: JG van Tonder
GOEDGEKEUR

Die lede van die kommissie word bedank en die verslag word afgehandel.

KURATORIUM NGKA VS EN PHORORO

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die verteenwoordiger Teologiese Opleiding NGKA VS en Phororo.

1. VERGADERINGS VAN DIE KURATORIUM
KENNIS GENEEM

2. OPLEIDINGSAANGELEENTHEDE
KENNIS GENEEM

3. STUDENTE
AANBEVELING
Die Sinode betuig sy ondersteuning en versekering van voorbidding aan die Teologiese Fakulteit van UV vir die Teologiese opleiding van die voornemende Bedienaars van die Woord van die NGKA in die Vrystaat en Phororo.
GOEDGEKEUR

CLF

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van Christelike Lektuurfonds.

1. INLEIDING
KENNIS GENEEM

2. HERSTRUKTURERING VAN DIE CLF-GROEP
KENNIS GENEEM

2.1 Christelike Lektuurfonds (CLF)
KENNIS GENEEM

2.2 CLF-Uitgewers
KENNIS GENEEM

2.3 CLF-Drukkers
KENNIS GENEEM

3. CLF VIGSTRUST
KENNIS GENEEM

4. FINANSIËLE BESTUUR
KENNIS GENEEM
5. DANKBETUIGINGS
KENNIS GENEEM

VOORSTEL
Die Sinode keur dit goed dat die naam van CLF by die lys van vrywillige kollektes gevoeg word.
Voorsteller: AC van Wyk
Sekondant: MC Cronjé
GOEDGEKEUR

SKES

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir Ekumeniese Skakeling.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001
KENNIS GENEEM

3. SKAKELING MET DIE VGKSA-PHORORO
KENNIS GENEEM

4. SKAKELING MET DIE NGKA-PHORORO
KENNIS GENEEM

5. SKAKELING MET DIE DRC BOTSWANA
KENNIS GENEEM

6. SKAKELING MET DIE RCA PEARL
KENNIS GENEEM

7. KONVENT
KENNIS GENEEM

8. ANDER EKUMENIESE SKAKELING
KENNIS GENEEM

9. KERKVERENIGING

9.1 Besluite van Algemene Sinode 2002
KENNIS GENEEM

Die volgende vraag word by die tafels bespreek:

- Wat kan ons as Sinode (gemeentes) doen om die eenheidsproses te bevorder?

VOORSTEL
Die Sinode gee aan die Kommissie vir Diensgetuienis die opdrag om alle moontlike pogings aan te wend om 'n konvent in sentraal Suid-Afrika (Noord-Kaap en OVS) tot stand te bring, met die oog op een kerkverband en 'n meer omvattende diensgetuienis teenoor die nood in die samelewing.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: BJP Booysen
GOEDGEKEUR
VOORSTEL
Die Sinode gee aan die Kommissie vir Diensgetuienis opdrag om die globale hulptoelae aan die verskillende kerke (NGKA en VGKSA) te hersien en 'n meer gelyke toekenning van fondse te bewerkstellig.
Voorsteller: JJ Knoetze
Sekondant: BJP Booysen
GOEDGEKEUR

9.1.2 Verbintenis tot een kerkverband
KENNIS GENEEM

9.1.3 Vorderingsproses
KENNIS GENEEM

9.1.4 Konvent
KENNIS GENEEM

9.1.5 Struktuur vir een kerkverband
KENNIS GENEEM

9.1.6. Modelle
KENNIS GENEEM

9.1.7 Inspraak van kerkrade
KENNIS GENEEM

9.1.8 Kontak/Skakeling
KENNIS GENEEM

9.1.9 Kombinasie van werksaamhede
KENNIS GENEEM

9.1.10 Samewerkingsprojekte
KENNIS GENEEM

9.1.11 Leiding aan gemeentes
KENNIS GENEEM

9.1.12 ASodat ons een kan wees III"
KENNIS GENEEM

9.1.13 Vereistes vir oor-en-weer beroepbaarheid
KENNIS GENEEM

9.1.14 Verklaring roeping NG Kerk
KENNIS GENEEM

10. SLOT
KENNIS GENEEM

SKOK

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kerkordekommissie.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001

2.1 Beskrywingspunt: Leraars se amps-bevoegdheid by verskuiwing van eggenotes.
(Agenda Bl. 19 pt. 5).
KENNIS GENEEM

2.2 Posisie van die Ring en Sinode in

veranderde arbeidsbedeling. (Agenda bl. 20 pt. 7).
KENNIS GENEEM

2.3 Toesig van die Ring oor die leer van bedienaars van die Woord (Agenda bl. 22 pt. 9)
KENNIS GENEEM

2.4 Voortsetting van bediening op platteland
KENNIS GENEEM

2.5 Voorbereiding van ‘n nuwe Kerkorde

2.5.1 Bepaling 2
AANBEVELING
Skrap die bepaling.
GOEDGEKEUR

2.5.2 Bepaling 7.1.2 Wie beroepbaar is
AANBEVELING
Skrap die bepaling in sy geheel.
GOEDGEKEUR

2.5.3 Bepaling 7.3.4 Wyse van beroeping
AANBEVELING
Skrap in sy geheel.
GOEDGEKEUR

2.5.4 Bepaling 7.5.3 As ‘n beroep ontvang word
AANBEVELING
Voeg by aan einde van die sin: 7.6 en 7.7.
GOEDGEKEUR

2.5.5 Bepaling 7.6 Omruiling van standplase
AANBEVELING
Skrap die bepaling en pas die numerering aan. Die bewoording word opgeneem in ‘n verwysing.
GOEDGEKEUR

2.5.6 Bepaling 8.1.2 Demissie
AANBEVELING
Vervang met:
Die akte van demissie word voor die gemeente deur die kerkraad aan die vertrekkende leraar oorhandig. Die Ring word verteenwoordig deur ‘n Ringsleraar aangewys deur die Ringskommissie.
GOEDGEKEUR

2.5.7 Bepaling 8.2.6 Bevestiging
AANBEVELING
Voeg by aan die einde van die sin: en 8.2.5.
GOEDGEKEUR

2.5.8 Bepaling 14.1.1 Emeritering
AANBEVELING
Voeg by aan die einde van die sin: Die Ring word verteenwoordig deur ‘n Ringsleraar aangewys deur die Ringskommissie.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001.]
KENNIS GENEEM

2.5.9 Bepaling 15.3.2 Dienstermyn
AANBEVELING
Vervang met:
Dit is gebruiklik dat kerkraadslede twee jaar dien, waarna hulle herkiesbaar is vir ‘n verdere twee jaar.
GOEDGEKEUR

2.5.10 Ondertekening van Belydenis
AANBEVELING
Gebruik Vorm 17. *(BYLAE 1)*
GOEDGEKEUR

REVISIEVOORSTEL
Die Sinode neem die besluit ADie Sinode wys die volgende Ad hoc-kommissie aan bestaande uit CH Jacobs, JJ Lambrecht, DL van Niekerk en JH de B Barnard om die studiestukke en voorstelle oor homoseksualiteit (Bylae 3 en 4) te evalueer en dan te gee aan AKLAS en terugvoering te gee aan die volgende sinode van Noord-Kaap” van JJ Vogel, in revisie.

Redes vir die revisie:

1. Daar was misverstand rondom die funksionering van die Ad hoc-kommissie. (KO Reg van Orde 8.3.1.1)

Voorsteller: HW de Jager
Sekondant: JH de B Barnard

Verwys na Tydelike KO Kommissie.

2.5.11 Bepaling 16.2 Aanvullende ampspligte van ouderlinge

AANBEVELING
Vervang met: Ouderlinge mag ook verkies word met spesifieke opdragte soos deur die kerkraad besluit.
GOEDGEKEUR

Aankondigings:

Personeel van die Christen Vigsburo is by die vergadering indien iemand hulle te woord wil staan.

Oudl PW Crafford van Diamantveld maak verskoning vir die res van die dag.

JJ Knoetze word gelukgewens met sy promovering.

Die vergadering verdaag vir namiddag tee.

DERDE SITTINGSDAG
(Na namiddag tee)

SKOK
(Vervolg)

2.5.12 Bepaling 26.2.3
AANBEVELING
Skrap die bepaling in sy geheel.
GOEDGEKEUR

2.5.13 Bepaling 26.3 Terugkeer tot en oorkoms na die Ned Geref Kerk
AANBEVELING
Skrap die bepaling in sy geheel.
GOEDGEKEUR

2.5.14 Bepaling 26.5.9 Attestate
AANBEVELING
Skrap die bepaling.
GOEDGEKEUR

2.5.15 Bepaling 35 Werksaamhede
AANBEVELING
Voeg 35.1.2 in:
Beskrywingspunte wat voor agt maande voor die sinodesitting ontvang word, moet deur die toepaslike permanente kommissie opgeneem word in hul agenda.

Die kommissies moet die Sinode met ‘n deeglike verslag en aanbeveling dien.

Beskrywingspunte wat na die datum ontvang word, word ook deur die toepaslike kommissie opgeneem in sy verslag aan die Sinode, maar kan verwys word na ‘n tydelike kommissie, indien daar nie genoeg tyd is om daaroor te besin nie.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001.]
KENNIS GENEEM

2.5.16 Bepaling 35.5 Sinodale kommissies
AANBEVELING
Na Bepaling 35.5.3.1 word die volgende bygevoeg:
Die Sinode wys die Sinodale Kerkordekommissie aan as sy appèlliggaam vir sake wat tussen sinodes op die tafel kom.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001]
KENNIS GENEEM

2.5.17 Bepaling 49.1.7 Die doop
AANBEVELING
Die bepaling word geskrap as ‘n bepaling en word opgeneem as ‘n verwysing wat lui:
Kinders in pleegsorg mag wel gedoop word. (Vir die riglyne kyk na Kerkorde 2002, bladsy 118, punt 14)
GOEDGEKEUR

2.5.18 Bepaling 49.1.8 Doop van kinders ouer as 7 jaar
AANBEVELING
Die bepaling word in sy geheel geskrap.
GOEDGEKEUR

2.5.19 Bepaling 49.2.3 Die heilige Nagmaal
AANBEVELING
Nuwe Bepaling 49.2.3
Voorbereiding met die oog op en die danksegging na die Nagmaalsviering moet hanteer word in die Nagmaalsliturgie.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001.]
KENNIS GENEEM

2.5.20 Bepaling 50
AANBEVELING
Nuwe Bepaling 50:

50.1 Jeugbediening op gemeentelike vlak

50.1.1 Die kerkraad is verantwoordelik vir jeugbediening en sien toe dat die jeug in alle fasette van die gemeentelike bediening betrek word.

50.1.2 Die kategese

50.1.2.1Kategese word in elke gemeente beoefen as deel van die onderrigtaak van die kerk (Matt 28:19, Joh 21:16). Die kerkraad is verantwoordelik vir die daarstelling en instand-houding van die kategese.

50.1.3 Toelating tot belydenis

Elke katkisant is verplig om te verseker dat sy/haar

dooplidmaatskap by die gemeente is voordat hy/sy belydenis van geloof kan aflê.

50.1.4 Aflê van belydenis van geloof

50.1.4.1 Die katkisante wat aan al die vereistes voldoen het en toegelaat word deur die kerkraad om belydenis van hulle geloof voor die gemeente af te lê, moet so spoedig moontlik die geleentheid daartoe kry.

50.1.4.2 Die Belydenis vind plaas deurdat elke katkisant wat toegelaat is, tydens 'n erediens, individueel gevra word om hardop te antwoord op die vrae in die formulier vir aflegging van geloofsbelydenis wat vooraf aan hulle gestel is.

50.1.4.3 Die afneem van hierdie belydenis geskied deur die leraar, of in 'n vakante gemeente deur die konsulent of 'n ander leraar van 'n gemeente binne die verband van die Algemene Sinode wat daartoe deur die konsulent versoek is.

50.1.4.4 Katkisante wat nie bewys van hulle doop kan lewer nie, word gedoop met gebruikmaking van die formulier en vrae vir die volwasse doop en antwoord nie weer saam met die ander op vrae van die formulier vir aflegging van belydenis nie.

50.1.4.5 Persone uit ander gemeentes word nie tot die ondersoek of openbare belydenis sonder skriftelike toestemming van die betrokke kerkraad toegelaat nie. Dooplede ressorteer normaalweg onder die gemeente waar hulle gewoonlik naweke woon.

50.2 Jeugbediening op ringsvlak

50.2.1 Die Ring gee leiding en ondersteuning aan kerkrade om jeugbediening in ringsgemeentes te bevorder.

50.3 Jeugbediening op sinodale vlak

50.3.1 Die Sinode gee leiding en ondersteuning aan kerkrade via die Ringe om jeugbediening in die sinodale gebied te bevorder.

AANTEKENING 1
Kategese van verstandelik-gestremdes
Die Algemene Sinode het riglyne goedgekeur vir die hantering van verstandelik-gestremdes in die kategese (Kyk na Agenda 1986 bl 179-180).

AANTEKENING 2

Vir riglyne vir die toelating en ondersoek van katkisante vir die openbare belydenis van geloof, kyk na Agenda Algemene Sinode 1990 bl 174.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001.]
KENNIS GENEEM

2.5.21 Bepaling 53

AANBEVELING
Nuwe Bepaling 53:

53.1 Elke gemeente behartig sending in ooreenstemming met die Skrif, die Formuliere van Enigheid en die toepaslike artikel van die Kerkorde, as 'n omvattende Woordbediening binne sy grense. Dit geskied langs die kanale van aanbidding, verkondiging, gemeenskap en diens.

53.2 Die uitstuur van sendelinge en ander sendingwerkkragte geskied deur die plaaslike gemeente, met of sonder die medewerking van ander gemeentes. Hierdie uitsending moet in oorleg met en advies van die Ring en die Sinodale Sendingkommissie wees en is onderhewig aan die vereistes van die Kerkorde en ter saaklike besluite van die Sinode en die Algemene Sinode. Sendelinge en sending-werkkragte is in hulle arbeid gebonde aan die Skrif en die Formuliere van Enigheid.

53.3 Elke gemeente behartig met al die ander gemeentes ook in breër verband die Binnelandse, die Buitelandse, en die Wêreldsending, met of sonder die samewerking van ander kerke en of sending-organisasies, soos dit gereël word in onderlinge ooreenkomste. Hierdie sendingwerk geskied in oorleg met en advies van die Sinodale Kommissie vir Diensgetuienis.

53.4 Waar gemeentes ten behoewe van en in samewerking met gemeentes uit die NG Kerkfamilie binne die Noord-Kaap werk, behoort daar twv koördinering en effektiewe bediening gesamentlike sendingstrukture gevorm te word. Hierdie sendingstrukture word deur die onderskeie ringe goedgekeur, in oorleg met die Sinodale Kommissie vir Diensgetuies.

53.5 Die Sinodale Kommissie vir Diensgetuienis dien amptelik as die kerklike skakelliggaam tussen die plaaslike gemeente(s) en die samewerkende kerke of die sendingorganisasies. Alle ooreenkomste met kerke en/of organisasies word in oorleg met die Sinodale Kommissie vir Diensgetuienis opgestel en deur die Ring of Sinode goedgekeur.

53.6 Elke kerkraad, ring en sinode sien toe dat die sendingopdrag op 'n gestruktureerde wyse die nodige aandag kry, bv deur 'n kommissie te benoem of 'n diensgroep te vorm.
[Goedgekeur deur die Sinode 2001.]
KENNIS GENEEM

2.5.22 Bepaling 57.6.12.5

AANBEVELING
Die bepaling verval.
GOEDGEKEUR

2.6 Bystaan by die doop
AANBEVELING
Die Sinode keur goed dat die ordereëling vir die bystaan by die doop nie as 'n ekstra bepaling opgeneem word nie.
GOEDGEKEUR

2.7 Sittingsreg op Sinodale Kommissies
AANBEVELING
Die Kommissie beveel nie die beskrywingspunt aan nie, omdat dit die verteenwoordiging onnodig kompliseer en kontinuïteit in gevaar bring. Die gawes en opleiding van predikante moet egter optimaal benut word en daarom behoort Sinodale kommissies hulle reg tot koöptering uit te oefen en leraars se gawes te benut.
GOEDGEKEUR

EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE (Vervolg)

Die Voorsitter stel aan die orde: Die Eerste Verslag van Die Tydelike Kerkordekommissie, Punt 1 wat oorgestaan het.

1. Konstituering van die Sinode (Artikel bl 215 pt 2.4)

AANBEVELING:

2. Die Sinode besluit dat daar vir elke predikantspos in die gemeente 'n primarius lid en 'n sekundus afgevaardig word, waarvan die predikant wat in die pos bevestig is, die primarius lid is. Waar die predikantspos vakant is, word daar nie 'n sekundus afgevaardig nie.

GOEDGEKEUR

3. Die Sinode besluit dat die Geloofsbrief aangepas moet word om ook ruimte te laat vir die kies van 'n sekundus by die leraar.

GOEDGEKEUR

3. Die Sinode besluit om Art 33 na die ARK te verwys om die teenstrydighede in die artikel te ondersoek.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL

Die Sinode verwys pt 26.5 Attestate (KO – Noord Kaapland) na die SKOK vir duidelike formulering (Voorbeeld: Lidmaat het reeds 10jr gelede uit gemeente A verhuis na B. AOordrag van lidmaatskap geskied deur attestaat" – Niemand ken hom nie – Wat nou?)
Voorsteller: JJ Vogel
Sekondant: L de Kock
GOEDGEKEUR

Die volgende besoekers van NG Welsyn word deur die voorsittter ter vergadering verwelkom:
Mev L Blömerus, mnr J van Zyl, mev E Botha en
mev A Jooste.

Tafelgesprek vind plaas en die volgende onderwerpe word hanteer:
- Wat is die doel van die Kerkorde?
- Is dit net 'n klomp reëls wat die vryheid van gemeentes wegneem?

Geen voorstelle volg uit die tafelgesprek nie.
Die verslag is afgehandel.

SKDB

Die Voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS
KENNIS GENEEM

2. OPDRAGTE VAN DIE SINODE 2001

2.1 Ondersteuningsgroepe vir oud-soldate
KENNIS GENEEM

2.2 Gesinsondersteuning
KENNIS GENEEM

2.3 Vigs
Punt 2.3.1 tot 2.3.12 staan oor.

2.4 NG Welsyn
KENNIS GENEEM

3. AFHANKLIKHEIDSORG

3.1 Christelike Afhanklikheidsdiens
KENNIS GENEEM

3.2 CAD - waardes
KENNIS GENEEM

3.3 Gebiedskonferensie
KENNIS GENEEM

3.4 Fondse
AANBEVELING
Die Sinode begroot R10 000 per jaar vir die werk van die CAD-Gebiedskomitee.

AMENDEMENT
Vervang "*begroot R10 000 per jaar*" met "*gee opdrag aan die Sinodale Kommissie vir Diensgetuienis om R10 000 per jaar te begroot*".
Voorsteller: FD Hugo
Sekondant: JDK Haasbroek
GOEDGEKEUR
Die AANBEVELING soos GEAMENDEER lui as volg:
Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Kommissie vir Diensgetuienis om R10 000 per jaar te begroot vir die werk van die CAD-Gebiedskomitee.
GOEDGEKEUR

3.5 Gebiedskomitee
KENNIS GENEEM

4. HOSPITAALBESOEKDIENS AAN PLATTELANDSE PASIËNTE

4.1 Inleiding
KENNIS GENEEM

4.2 Vrywilligers
KENNIS GENEEM

4.3 Opleiding
KENNIS GENEEM

4.4 Die proses van besoeke
KENNIS GENEEM

4.5 Aantal pasiënte besoek
KENNIS GENEEM

4.6 Finansies
KENNIS GENEEM

5. HOSPITAALOORNAGHUIS
KENNIS GENEEM

6. WETSOORTREDERSORG
KENNIS GENEEM

7. ARMOEDE
AANBEVELINGS
7.1 Die SKDG tree met die Noord-Kaapse en Noordwes Wetgewer in gesprek oor die ontplooiing van maatskaplike werkers of projek-bestuurders dwarsoor die Noord-Kaap en Noordwes Provinsies.
GOEDGEKEUR

7.2 Die SKDG bly in gesprek met die Noord-Kaapse en Noordwes Wetgewer oor wetgewing rakende drankhandel, dobbelary en ander sake wat armoede in die provinsie bevorder.
GOEDGEKEUR

7.3 Die SKDG wys ‘n ad hoc-kommissie aan, wat verder navorsing doen, spesifiek hoe om armoede in die Noord-Kaap en Noordwes Provinsies aan te spreek en dat gemeentes op hoogte gehou word met moontlike projekte.
GOEDGEKEUR

7.4 Hierdie studiegroep moet ‘n databasis saamstel van alle projekte waarmee die staat, die privaatsektor en ander kerke reeds mee besig is, sowel as van alle moontlike fondse wat beskikbaar is, sodat gemeentes self kan besluit waar en hoe hulle betrokke kan en wil raak.
GOEDGEKEUR

7.5 Die SKDG moet vennootskappe opbou met die georganiseerde landbou in die Noord-Kaap en Noordwes, provinsiale strukture sowel as met alle rolspelers wat die saak kan dien.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Diensgetuienis om so gou moontlik ‘n konferensie te reël rondom die kerk se rol tov

grondhervorming (soortgelyk aan dié gehou in die Paarl begin September 2003).
Voorsteller: M Carstens
Sekondant: JM Stadler
GOEDGEKEUR

8. VERSLAG VAN DIE WELSYNSDIENSTE VAN DIE NG KERK IN NOORD-KAAPLAND

8.1 Bestuursraad
KENNIS GENEEM

8.2 Vergaderings
KENNIS GENEEM

8.3 Begroting
KENNIS GENEEM

8.4 Bestuursplan
KENNIS GENEEM

8.5 DQA
KENNIS GENEEM

8.6. Dienspunte
KENNIS GENEEM

8.6.1 NG Welsynskantore
KENNIS GENEEM

8.6.2 Tuistes vir Bejaardes
KENNIS GENEEM

8.6.3 NG Kerk Kinderhuis Noord-Kaap
KENNIS GENEEM

8.6.4 Stay-a-Day
KENNIS GENEEM

8.6.5 Beradingsentrum
KENNIS GENEEM

9. TOEKOMS : NG WELSYN NOORD-KAAP

AANBEVELINGS
9.8.1 NG Welsyn met sy bestuursraad bly voortbestaan.
GOEDGEKEUR

9.8.2 Die Bestuursraad bestaan uit 9 lede: 4 predikantslede benoem deur die SKDG vanuit die sinodale gebied, 4 kundiges uit die gemeenskap benoem deur die SKDG, asook die bestuurder ampshalwe.
GOEDGEKEUR

9.8.3 Die Beradingsentrum word behou.
GOEDGEKEUR

9.8.4 Die hospitaalbediening word voortgesit.
GOEDGEKEUR

9.8.5 Die oorhoofse bestuur van NG Welsyn word op kontrakbasis deur ‘n bestuurder gedoen. Die pos van direkteur word vervang met bestuurder.
NIE GOEDGEKEUR

9.8.6 Posbeskrywing : Bestuurder
Supervisie.
Bestuur van DQA.
Uitvoering van beleid vervat in die Bestuursplan.
Skakeling met die Departement.
Oorhoofse bestuur van NG Welsyn
Opleiding en begeleiding van hospitaalwerkers.
Ondersteuning van CAD Gebiedskomitee.
Verteenwoordig Bestuursraad op die KMDR.
Administrasie van die Bestuursraad.
Bemarking van NG Welsyn.
NIE GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode besluit om punt 9.8.5 en 9.8.6 na die drie permanente kommissies te verwys om die pos van bestuurder te heroorweeg met in agneming van die Saakgelastigde en voorgestelde PSD vir bedieningsondersteunings poste. Die kommissies kry volmag om die saak af te handel met rapport aan die volgende Sinode.
Voorsteller: FD Hugo
Sekondant: K O' Callaghan
GOEDGEKEUR

9.8.7 Die Sinode moedig gemeentes aan om aktief betrokke te wees by NG Welsyn.
GOEDGEKEUR

10. NG KERK KINDERHUIS : SINODALE KOLLEKTE

AANBEVELINGS
10.1 Die Sinode plaas die NG Kerk Kinderhuis Noord-Kaap op sy begroting vir R300,000 per jaar vir die volgende twee jaar tot by die volgende Sinodesitting waar weer hieroor besluit word.
GOEDGEKEUR

10.2 Die Sinode keur goed dat die twee vrywillige kollektes wat tans vir die Kinderhuis

opgeneem word verander word in twee verpligte kollektes wat gebruik word om die R300,000 in te samel.
GOEDGEKEUR

10.3 Die Sinode versoek gemeentes om hierdie kollektes te laat opneem op Sondae wanneer die kerkbywoning goed is, soos bv met Nagmaal en dat daar behoorlike bekendmaking van die kollektes deur gemeentes gedoen word.
GOEDGEKEUR

10.4 Die Sinode versoek ringe om as deel van hulle verantwoordelikheid gemeentes op te skerp mbt hul verantwoordelikheid tov die NG Kerk Kinderhuis Noord-Kaap.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL

1. Die Sinode bedank die drie groot Afrikaanse koerante (*Burger, Beeld en Volksblad*) wat oor die jare heen elke jaar 'n Kersfonds-insameling hou ten bate van welsynsorganisasies en inrigtings waarby die diens van Barmhartigheid in Noord-Kaap bevoordeel word.

2. Die Sinode versoek die gemeentes in Noord Kaapland om vanjaar steeds die Volksbad se kersfondsBinsameling te ondersteun.

Voorsteller: WH van Aswegen
Sekondant: WJ Fourie
GOEDGEKEUR

Die Notule van die Tweede Sittingsdag word aan die vergadering voorgehou. Redaksionele wysigings word aangebring en die Notule word goedgekeur.

Afkondigings:
CLF se uitstalling is nog net tot vanaand.

Vergadering verdaag vir aandete.

DERDE SITTINGSDAG
(Na aandete)

Voortgang van die Verslag van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid:

Punt 2.3.1 tot 2.3.12 wat oorgestaan het, word aan die orde gestel:

2.3 Vigs

AANBEVELINGS

2.3.1 Die Sinode gee die Christen Vigsburo (CABSA) van die Hugenote Kollege geleentheid om 'n oorsig te gee oor die nuutste statistiek, tendense en implikasies vir gemeenskappe, gemeenskaps-organisasies en die Kerk.
GOEDGEKEUR

Me Logi Murray en Fanie de Villiers van die Christen Vigsburo (CABSA) van die Hugenote Kollege word aan die woord gestel en doen 'n voorlegging oor die Buro.

2.3.2 Die Sinode gee tyd vir 'n gesprek waar daar deur groepe gerapporteer word oor wat reeds prakties op grondvlak gedoen word, of oor wat moontlik nog aangepak kan word.
GOEDGEKEUR

Geleentheid word vir tafelbespreking gegee en die volgende onderwerpe word hanteer:

- Die gemeente het 'n rol ten opsigte van MIV/vigs ? Wat is die rol?
- Wat is ons verantwoordelikheid ten opsigte van voorkomingsprogramme, vigswesies?

2.3.3 Die Sinode van die NG Kerk in Noord-Kaapland neem kennis van die verslag van die SKDB en verwys dit as studiedokument na gemeentes en ringe vir bestudering en implimentering.
GOEDGEKEUR

2.3.4 Die Sinode neem graag deel aan die Vigsforum en versoek die SKDG om 'n verteenwoordiger daarop aan te wys, asook vordering en leiding wat die Vigsforum behaal en gee, aan ringe en gemeentes te rapporteer.
GOEDGEKEUR

2.3.5 Die Sinode moedig ringe en gemeentes aan om kreatief en prakties by bestaande vigs-projekte betrokke te raak, of met sodanige projekte te begin waar dit nog nie bestaan nie.
GOEDGEKEUR

2.3.6 Die Sinode moedig die SKDG, ringe en gemeentes aan om gebruik te maak van

die dienste wat deur die CLF-Vigstrust asook die Christen Vigsburo (CABSA) gebied word en veral van die opleiding van die Vigsburo gebruik te maak.
GOEDGEKEUR

2.3.7 Die Sinode versoek die SKDG om ‘n staande vigs-werksgroep te skep ten einde as sinodale navorsingsgroep en skakelliggaam te dien.
GOEDGEKEUR

2.3.8 Die Sinode moedig gemeentes aan om by spesiale MIV/vigs-geleenthede betrokke te raak soos Wêreld Vigsdag - 1 Desember / of naaste Sondag, Vigsherinneringsdag - derde Sondag in Mei of Skole-Vigsweek - eerste week in September.
GOEDGEKEUR

2.3.9 Die Sinode spreek sy dank uit oor wat reeds deur die owerheid en georganiseerde besigheid met betrekking tot MIV en vigs begroot en gedoen word.
GOEDGEKEUR

2.3.10 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die persepsie van gebrekkige oorhoofse beleid en wil aan die kant van die owerheid om duidelike leiding te gee en voldoende te begroot en meer te doen tov die groeiende nood op grondvlak - onder andere om die oordrag van die MI-virus van moeder na kind te beperk en anti-retrovirale middels te verskaf aan mense wat leef met die virus.
GOEDGEKEUR

2.3.11 Die Sinode verbind hom aan die verklaring/verbintenis van die Algemene Sinode (pt. 3.2.1.4 - 1-7) en roep ringe en gemeentes op om dieselfde te doen.
GOEDGEKEUR

2.3.12 Die Sinode gee geleentheid vir toewyding en gebed met betrekking tot hierdie baie belangrike saak.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die Sinode van Noord-Kaap oordeel dat die uitdeel van enige vorm van voorbehoedmiddels aan ongetroudes in die stryd van die vigspandemie, in stryd is met die Bybel. Die Sinode hou aan sy lidmate voor, dat algehele onthouding voor die huwelik, die enigste wyse is om die pandemie aan bande te lê.
Voorsteller: PG de Jager
Sekondant: HW de Jager
NIE GOEDGEKEUR

Een van die tafels doen belydenis dat hulle tydens die gesprek oor MIV/vigs besef het dat hulle as die geseëndes, nie genoeg getreur het, nie genoeg gehonger en gedors het na wat reg is nie, en nie genoeg `n hart van barmhartigheid geopenbaar het ten opsigte van hulle wat geraak is en geinfekteer is met die MIV/vigs-virus nie.

Sinodegangers sing Lied 464 en W van Aswegen doen 'n gebed.

VOORSTEL
Die Sinode keur goed dat Huis Andalusia grond mag aankoop sonder dat dit die Sinode enigiets kos. Die kommissie vir Diensgetuienis en Hulpdienste hou toesig oor die aankoop.
Voorsteller: ZJ Koekemoer
Sekondant: JH de B Barnard
GOEDGEKEUR

SKV

Die voorsitter stel aan die orde: Die verslag van die Sinodale Kommissie Vrouelidmate.

1. INLEIDING
KENNIS GENEEM

2. VISIE EN MISSIE
KENNIS GENEEM

3. DIE ROL EN PLEK VAN DIE POST-MODERNE VROU IN DIE KERK
KENNIS GENEEM

4. NUUSBRIEF VIR VROUELIDMATE
